(E) eeu (Pam Z)

# 'n Eeu van Onreg

EEU

# 'N EEU VAN ONREG

*Uitgegee op las van die Staatsekretaris van die Suid-Afrikaanse Republiek*

F. W. REITZ

*In opdrag van die Nasionale Pers Beperk uit Nederlands in Afrikaans oorgesit deur*
**J. J. BLOM**

NASIONALE PERS, BEPERK
Kaapstad, Bloemfontein en Port Elizabeth
1939

## VOORBERIG

*'n Eeu van Onreg*, wat reeds teen die einde van die vorige eeu as 'n staatstuk in Nederlands en Engels verskyn het, maak hiermee vir die eerste maal sy debuut ook in Afrikaans. Dit geskied om te voldoen aan menigvuldige navrae wat nie alleen deur Die Burger-Boekhandel ontvang is nie, maar ook deur ander boekwinkels in ons land. Dit sal dus aan 'n wesenlike verlange by die Afrikaanslesende publiek voldoen, en elkeen wat dit lees, sal instem dat daar geen ander geskrif bestaan wat in so 'n kort bestek 'n helderder beeld van Engeland se politiek in Suid-Afrika gee as hierdie brosjure nie.

Van die Nederlandse teks is hier gebruik gemaak, en by die oorsetting is so na as moontlik aan die oorspronklike gebly, ook wat die woordkeuse betref. Dit is in geen opsig 'n vrye vertaling nie; selfs onduidelikhede of dubbelsinnighede is vrywel onveranderd gelaat.

Om die belangstelling wat *'n Eeu van Onreg* indertyd in die buiteland geniet het en ook om enkele geskiedkundige onjuisthede, die ontstaan van die werk en veral die kragtige oortuiging wat dit adem, aan die lig te bring, word die inleidende woord van Dr. H. J. KIEWIET DE JONGE by 'n tweede druk wat in Januarie 1900 in Holland verskyn het, hierin afgedruk. Dit openbaar terselfdertyd ook die simpatieke gees wat die Nederlanders teenoor hul stamverwante in Suid-Afrika geopenbaar het.

In opdrag van Die Nasionale Pers, Beperk,

J. J. BLOM,
Beëdigde Vertaler.

Kaapstad, Desember 1939.

*Een Eeuw van Onrecht* — A Century of Wrong — werd als een soort van groenboek in Hollandschen en Engelschen tekst aan bladen en bijzondere personen gezonden. De belangrijkheid er van is oorzaak geweest van verdere verspreiding. In Amerika is het door onzen landgenoot C. W. VAN DER HOOGT te Baltimore uitgegeven, onder den titel *A Century of Injustice*, Synopsis of a Message to the People of South-Africa, sent by the Government of the South-African Republic. Een uitgaaf in Engeland, Frankrijk en Duitschland is in voorbereiding of reeds verschenen.

In ons land is de eerste oplaag in zeer korten tijd uitverkocht. De tweede geeft mij gelegenheid mij juister uit te drukken omtrent den oorsprong. Ten onrechte heb ik den Staatssecretaris REITZ als den schrijver aangewezen, met erkenning evenwel dat uiterlijke en innerlijke bewijzen pleitten voor den Staatsprocureur SMUTS. Thans mag ik niet verder gaan dan de mededeling dat het stuk is *uitgevaardigd* door den Heer REITZ, in diens ambtelijke hoedanigheid. Aan de waarde van den inhoud schaadt dit natuurlik geenszins, al moet in het oog worden gehouden dat op bladzijde 2, tegen de bewijzen in van prof. HEERES, de voorstelling blijft gehandhaafd dat de Prins van Oranje de Kaapsche volksplanting aan Groot-Brittanje heeft verkocht.

Men leze dit geschrift niet als geschiedenis, maar als een ernstig gemeend pamflet. Men beware het ook, want eenmaal zal het kostbaar zijn geworden, zooals nu de degelijke pamfletten uit de dagen der DE WITTEN of uit den Patriottentijd. De man die dit schreef, in diens krop heeft lang gekrieuwd de verontwaardiging, die eindelijk lucht krijgt. Gesarde rechtschapenheid en gemarteld rechtsgevoel barsten uit. En wij Hollanders, maar wij niet alleen, de heele wereld buiten Engeland en ook daar nog menigeen, hooren die stem als van een die het weet en die zegt wat wij lang wisten. Maar hij zegt het zoo krachtig en zoo overtuigend, zijn vertrouwen in de toekomst is zoo vroom, zoo mannelijk bewust. Het onrecht dat hij aanwijst, is zoo tastbaar.

Nog spant de Muze der historie voor dezen Boeren-heldenkrijg haar weegschaal niet; wij staan nog te dicht op de feiten, veel ziende aan alle kanten, veel vermoedende, maar weinig duidelijk onderscheidende. Wij leven enkel bij den dag. Toch, nu al, die kwesties van Uitlanders, van dynamiet, van Conventies, kort geleden zoo wereldgerucht makende, ze zijn reeds verstomd; nu al na eenige maanden, blijken het kunstpoppen te zijn geweest, waarvan het mekaniek kapot is. Nog weinige jaren, en wij vragen ons af hoe de wereld ooit zoo dwaas is geweest zich aan dien schijn te vergapen.

Bij het nazien der proeven heb ik menig merkteeken aan den kant gezet, van twijfel aan de bedoeling, van duisterheid van stijl, verengelscht als die is. Natuurlijk heb ik alles laten staan, zooals ik het vond, alleen waar dit onontbeerlijk was, wat duidelijkheid brengend. Maar het meest, soms langs heele bladzijden, gleed het potlood, van bewondering over den mooien gloed van overtuiging, over de welsprekendheid, die welde uit het hart.

De tweede oplaag heeft gewonnen door eene toevoeging van de Conventies van '81 en '84, zóó dat de verschillen onmiddellijk in het oog vallen.

H. J. KIEWIET DE JONGE.

DORDRECHT, Januari 1900.

# INLEIDING

Broeder-Afrikaners!

Weer het die dag aangebreek in ons met bloed geskrewe geskiedenis dat ons verplig is om na die wapen te gryp ten einde die stryd vir vryheid en bestaan te hervat, en ons volksaak toe te vertrou aan die Voorsienigheid, wat ons volk wonderbaar deur Suid-Afrika gelei het. Die worstelstryd wat nou reeds byna 'n eeu lank duur en begin het toe aan die Hollandse bevolking van die Kaap die Goeie Hoop 'n vreemde oorheerser opgedring is, spoed ten einde; ons het gekom tot die laaste handeling in die groot en vir die hele Suid-Afrika so gewigvolle drama; ons het tot die stadium gekom waarop beslis sal word of al die offers wat ons vaders en ons aan die vryheid gebring het, tevergeefs was, of al die bloed van ons volk waarmee elke deel van Suid-Afrika as 't ware gewyd is, tevergeefs gestort is; en of, onder Gods genade, die laaste steen nou op die gebou wat ons voorouers met soveel moeite en verdriet begin het, gesit sal word. Die uur het aangebreek wanneer beslis sal word of Suid-Afrika deur die handhawing van sy vryheid, 'n nuwe tydperk van sy geskiedenis sal ingaan en of ons volk sal ophou om te bestaan, sal uitgedelg word in die stryd om vryheid, wat hy steeds hoër geag het as alle aardse skatte, en Suid-Afrika oorheers sal word deur gewetenlose goudkonings wat handel in die naam en onder die beskerming van 'n onregverdige en gehate regering seweduisend myl hiervandaan.

In hierdie uur pas dit ons om 'n blik terug te werp op die geskiedenis van daardie groot worstelstryd. Ons doen dit nie om onsself te regverdig nie, want die vryheid waarvoor ons alles veil gehad het, het ons geregverdig en ons foute en gebreke bedek; maar om, by die gedagte aan wat ons volk deur Gods hulp reeds gedoen en gely het, toegewy en voorberei te word vir die stryd wat voor ons lê; sodat ook ons waardig mag gemaak word om die werk van ons vaders voort te sit en, so moontlik, te voltooi. Deur die smartvolle geskiedenis van ons verlede pryk hul roemryke dade teen Bantoe en Brit as die leidsterre om vir die nakomelingskap die weg te wys na die einddoel van al die opofferings en rondswerwings van ons diepgeteisterde volk.

Ook sal die historiese behandeling ons nader aan die naakte waarheid bring, wat voor die regbank van die onpartydige geskiedenis tussen ons en ons vyand sal beslis. Die vrae van

die laaste tyd wat hul ontknoping gevind het in die naderende oorlog, het hul oorsprong diep in ons verlede en ons geskiedenis. In die lig van die geskiedenis alleen is dit moontlik om die dryfvere van die hede te toets en te beoordeel, en sodoende tot die waarheid te geraak waarop ons volk hom beroep as sy finale regverdiging in die stryd wat op hande is. Uit die geskiedenis sal dit voldoende blyk dat die bewerings van menslikheid, beskawing en gelyke regte waarop die Britse Regering sy handelwyse grond, niks anders is as 'n verbloeming van die huigelagtige anneksasie- en rowersgees wat hom nog gedurigdeur en in alle betrekkings met ons volk gekenmerk het.

## DIE KAAP DIE GOEIE HOOP

Die saak waarvoor ons nou weer in die strydperk tree, is in 'n enigsins gewysigde vorm dieselfde waarvoor so baie van ons voorouers eeue gelede die smartlikste lydensgeskiedenis deurgemaak het, waarvoor hulle huis en haard verlaat en hulle in die volksplanting aan die Kaap die Goeie Hoop gevestig het ten einde daar die gewetensvryheid te geniet wat hulle in hul geboorteland ontsê is. Tussen die Blouberge en in die ewigskone valleie van die Kaap die Goeie Hoop het hulle die saadjie van die vryheid in die grond gelê wat hom sedertdien met soveel krag ontwikkel het dat die grootse boom vandag nie alleen 'n aansienlike gebied in hierdie wêrelddeel beslaan nie, maar na ons oortuig is, nog op Gods tyd oor die hele Suid-Afrika sy lommerryke takke sal uitbrei. Ten spyte van die knellende bande van die Oos-Indiese Kompanjie het die jong volksplanting, wat al wat edel was in die bloed en al wat verhewe was in die aspirasies van die ou Europa bevat het, met soveel krag getier dat toe in 1806 die Kolonie oorgegaan het in die hande van Engeland, daar reeds 'n sterk volksgees en vryheidsin bestaan het. Soos dit so treffend uitgedruk is in 'n stuk wat uit die roemrykste tydperk van ons geskiedenis dagteken, het uit die twee stamme van die Hollanders en die Franse Hugenote opgegroei „een volk; een in geloof, een in rustige eerbied vir die wet, maar met 'n gevoel van vryheid en onafhanklikheid wat ewe groots is as wat die vlaktes ruim en wyd is wat hulle allengs aan die woesteny van die natuur of aan die woester oorspronklike bevolking onttrek het." Toe die Hollandse bewind in 1806 plek gemaak het vir dié van Groot-Brittanje; nog meer, toe die verandering in 1814 beseël is in 'n transaksie waaronder die Prins van Oranje die Kaapse volksplanting teen die sin en wil van die volk in, vir ses miljoen pond sterling aan Groot-Brittanje verkoop het, het die klein volksplanting 'n nuwe

tydperk van sy wordingsgeskiedenis ingetree, 'n tydperk waarin die volk bestem was, deur sy heldhaftige stryd vir die reg, om hom 'n wêreldwye simpatie te verwerf. Die jong Afrikanervolk het hom tot 'n hegte blanke aristokrasie gevorm en ontwikkel op die onafsienbare donkere agtergrond van die tallose naturelledom; die Afrikanergees van meesterskap wat hom aan hierdie ontwikkeling gepaar het, het die Britse Regering op die gevoeligste wyse weet te kwes deur langs tallose weë die kant van die naturelle bo dié van die Afrikaner te kies. So moes byvoorbeeld die Afrikanerboere met lede oë die toneel van hul verwoeste plase en eiendomme aanskou sonder in staat te wees om hulself te verdedig, daar die Britse Regering hulle selfs van hul ammunisie beroof het. So moes die vrye Afrikanerburger in bedwang gehou word deur polisie aangewerf uit die Hottentotte, die veragtelikste klas onder die naturelle, 'n klas wat deur die Afrikaner tereg beskou is as 'n ras wat op 'n laer maatskaplike peil staan as sy eie Maleise slawe. Geen wonder dat in 1815 'n deel van die Boere tot 'n opstand gedryf is wat onderdruk is met die verskriklike gebeurtenis van 9 Maart 1816, toe ses van die Boere op onmenslike wyse in verpligte teenwoordigheid van vroue en kinders, eers half opgehang is en toe die galg breek, weer sieltogend opgehys en gewurg is in die moordtoneel op Slagtersnek. Op Slagtersnek, wat 'n mens ook in ander opsigte van hierdie gebeurtenis mag dink, is die eerste bloedbaken opgerig wat die grenslyn tussen Boer en Brit in Suid-Afrika getrek het, en deur die jare heen is die oog van die nageslag nog met afgryse op daardie moordtoneel gevestig.

Maar dit was nog maar die begin. Onder die dekmantel van die godsdiens en ander hooggeroemde beginsels het die Britse bewind steeds sy haat teen ons volk en nasionaliteit verskuil en sy selfsugtige oogmerke bedek; en so moes die godsdiens ook 'n politiek van onderdrukking tot hulp kom ten einde ons volk nog dieper en pynliker in sy eergevoel te kwes. Sendelinge van die London Missionary Society is uitgestuur om die Boere te belaster en te beskuldig van die onmenslikste wreedhede teen die naturelle. Hierdie lasterstories het met die ondersteuning van die Britse Regering 'n gretige ingang gevind by die Engelse publiek, en die gevolg was dat onder die druk van 'n magtige filantropiese mening in Engeland, ons arme volk nog swaarder gekasty is, en teen die grofste beskuldigings en beledigings moes hulle hulself in die geregshowe verdedig. Maar hierdie proef het hulle seëvierend deurstaan, en die stukke van die strafhowe in die Kaapkolonie bewys dat daar onder die blanke klasse wat slawe besit het, in die hele wêreld geen mensliker volk gevind is as die Afrikanerboere nie. Hul

beskouing dat die naturelle nie as volwassenes en as hul gelykes behoort geag te word nie, maar as onvolwasse kinders wat alleen deur 'n regverdige maar strenge tug vir die beskawing te win was, was destyds die grondslag van hul handelwyse, net soos dit nog op die huidige dag is, en na hierdie beskouing hel die verligte opinie van die beskaafde wêreld steeds meer en meer oor.

Maar die feit dat hul saak goed was en dat hulle in die geregshowe geseëvier het, was vir daardie ou voorgeslag nie 'n vermindering nie, maar 'n des te groter verskerping van die gevoel van die onreg wat hulle aangedoen was. Daardie gevoel van onreg is nog lewendiger gemaak deur die wyse waarop die vrymaking van die slawe, op sigself 'n voortreflike maatreël, op die Boere toegepas is.

Die Boere was die eienaars van slawe wat grotendeels deur Engelse skepe aangebring en deur ons van Engelse aangekoop is. Toe het die Engelse Regering besluit om slawerny af te skaf. Hier het ons niks op teen gehad nie, mits ons behoorlik vergoed sou word; maar van die twintig miljoen pond wat die Britse Parlement vir hierdie doel afgesonder het, was slegs $1\frac{3}{4}$ miljoen vir ons bestem, hoewel ons slawe deur Engelse amptenare op drie miljoen gewaardeer is. En die geld was in Londen betaalbaar. Ons kon nie daarheen gaan nie; ons het ons regte vir 'n appel en 'n ei aan agente verkoop, en baie van ons, deur moeilikhede oorstelp, het die hopelose taak van invordering daar gelaat. Grysaards en weduwees wat welvarend was, het broodarm in hul graf gedaal, en langsamerhand het die feit hom begin opdring dat daar geen regverdigheid vir ons by Engeland was nie. Froude, die Engelse geskiedskrywer, kom baie naby aan die waarheid waar hy in sy „Oceana", bladsy 34, sê:

> „Die slawe aan die Kaap was meer aan die huis as aan die grond verbonde. Die skandale aan die Oos-Indiese plantasies was onbekend. Omdat die Hollanders 'n langsame volk is en geen geesdrif oor ons nuwe idees aan die dag gelê het nie, het hulle by ons in ongenade geval, en hulle het sedertdien daar gebly. Die ongunstige indruk wat hulle op ons gemaak het, het 'n tradisie van die Engelse pers en ongelukkig ook van die Koloniale Kantoor geword. Ons het hulle sowel onregverdig as onverstandig behandel, en ons vergeef nooit diegene aan wie ons onreg gedoen het nie," getuie Ierland.

Dog daar was nog meer. In 1814, toe die Engelse kragtens konvensie die Kolonie tot eiendom gekry het, was die oostelike

grens die Visrivier. Die Kaffers het van tyd tot tyd, maar veral in 1834, invalle in die Kaapkolonie gedoen en gemoor en geroof, en die hulpelose koloniste, hul vrouens en kinders op gruwelike, haas onbeskryflike wyse mishandel. Eindelik is die goewerneur beweeg om die landstreek van die oorlopery te suiwer, en dit is gedoen met behulp van die Boere; maar lord Glenelg, die Minister van Kolonies, het die hele streek weer aan die Kaffers teruggegee en die Boere in net sulke erge bewoordinge beklad as die onverantwoordelike Londense sendelinge tevore, en openlik party gekies vir die Kaffers en teen die Boere. Hulle het self hul gesteelde vee by die Kaffers gaan haal, maar hulle moes toesien dat die vee, met hul eie brandmerke, op 'n vendusie verkoop word om die koste van die kommando's te bestry. Daar was geen regverdigheid van die Engelse te verwag nie; daar was geen sekerheid vir lewe en eiendom onder die vlag van 'n regering wat openlik vir die onreg partytrek nie. Die aristokratiese afstammelinge van die hoogmoedigste en taaiste volke van Europa moes buk en buig voor 'n regering wat 'n handelspolitiek van skreiende onreg gepaar het aan 'n ongeëwenaarde filantropiese huigelary.

Maar nie alleen teenoor die naturelle is die Boer verdruk en sy regte geskend nie.

In die oorgawe van die Kolonie aan Engeland in 1806, is hul taal aan die inwoners van die land gewaarborg. Hierdie waarborg sou spoedig dieselfde behandeling ervaar as wat alle latere traktate en konvensies deur ons volk met Engeland gesluit, ervaar het. Die skender van alle traktate het sy belofte nagekom deur in 1825 te bepaal dat in die vervolg alle amptelike stukke alleen in Engels geskryf moes word. Versoekskrifte in die landstaal waarin oor bittere griewe gekla is, is selfs nie eens in ontvangs geneem nie. Die Boere is uit die juries uitgesluit omdat hul kennis van Engels te gebrekkig was, en hulle moes voor Engelse juries, met wie hulle niks gemeen gehad het nie, verhoor word.

## DIE GROOT TREK

Ná dertig jaar van Engelse bewind het dit dus ten oorvloede geblyk dat daar vir die Boer haas geen heil wag nie, dog nét verdrukking. Sy elementêre regte was geskend, en hy het selfs nie die minste waarborg gehad dat hulle ooit eerbiedig sou word nie. Die posisie was vir hom onuithoudbaar in die Engelse kolonie, wat toe die Grootrivier as sy noordelike grens gehad het.

Die mense het besluit om huis, plaas en goed wat nog van die Kafferverwoestings oorgebly het, prys te gee en van die Britse gesag weg te trek.

Luitenant-goewerneur Stockenström is eers geraadpleeg, maar hy het gesê dat daar geen wet bestaan wat die mense kon belet om die Kolonie te verlaat en hulle elders te gaan vestig nie; en as daar wel sodanige wet bestaan, sou dit 'n tirannieke wet wees wat nie toegepas kon word nie.

Die Kaapse prokureur-generaal, Oliphant, is deur kolonel Somerset geraadpleeg en hy het 'n soortgelyke uitspraak gegee en gesê dat die Emigrante blykbaar voornemens was om na 'n ander land te gaan en hulle nie langer as Britse onderdane te beskou nie, soos daagliks geskied van Engeland na Noord-Amerika, en dat die regering magteloos is en moet bly om daardie euwel te belet.

Nou, buite die Britse gesag het gelê die landstreke noord van die Oranjerivier en oos van die Drakensberge, en vir sover toe bekend was, was dié streke deur barbare bewoon; maar die Boere het besluit om liewer die gevare van die woesteny te tart en daar 'n stuk grond van die Kaffers te ruil en 'n onafhanklike maatskappy te stig as om langer onder die Britse heerskappy te bly.

In die woorde van Piet Retief toe hy Grahamstad verlaat het:

> „Ons wanhoop daaraan om die Kolonie te red van die euwels wat hom bedreig van Kaffer-landlopers. Daar is geen vooruitsig op vrede of geluk vir ons kinders nie. Ons kla oor die roof en vernieling wat ons van die Kaffer-invalle gely het. Ons kla oor die misleiding tot ons nadeel wat in die naam van die geloof gemaak word. Ons verlaat die Kolonie om 'n rustiger lewe te soek, en ons sal niemand molesteer nie; maar as ons aangeval word, sal ons onsself en ons goed tot die uiterste verdedig. Ons verlaat hierdie Kolonie in die volle versekering dat die Britse Regering niks meer van ons te vorder het nie, en dat hy ons sal toelaat om onsself sonder bemoeiing te regeer. Ons verlaat die vrugbare land van ons geboorte en staan op die punt om 'n vreemde en gevaarlike land in te gaan; dog ons gaan in die vaste vertroue op 'n alsiende, regverdige en genadige God."

Ons vaders en ons het toe oor die Grootrivier na die onbekende noorde getrek as vrye manne, onderdane van geen vors op aarde nie. Toe het begin wat die Engelse parlementslid Molesworth bestempel het as 'n vreemdsoortige vervolging. Die

trekkende Boere agtervolg deur die Britse Koloniale Kantoor — die vreemdste agtervolging ooit deur sterflinge gesien!

Selfs het die Britse Parlement in 1836 'n wet (6 en 7 W.4 c. 57) aangeneem om buite die Britse jurisdiksie tot die 25ste graad suiderbreedte strawwe op te lê; en toe ons verder noordwaarts trek, het lord Grey beloof om deur die Parlement hierdie onregverdige wet te laat uitstrek tot aan die Ewenaar. Daar moet op gelet word dat in die gemelde wet spesiaal bepaal is dat dit nie beskou moet word dat hy enige soewereiniteit of heerskappy oor die gemelde landstreke uitroep nie.

Die eerste trekgeselskappe was dié van Trichardt en Van Rensburg, wat deurgetrek het na die noorde; maar die Van Rensburgs is gruwelik deur die Kaffers uitgemoor, en die Trichardts het ná ongelooflike ontberings en moeilikhede Delagoabaai bereik, om daar armsalig te sterf aan die koors.

---

## DIE STIGTING VAN NATAL

Met die tweede geselskap het dit net so noodlottig gegaan. Nadat Piet Retief, op behoorlike teenprestasie, van Dingaan, opperhoof van die Zoeloes, skriftelik afstand verkry het van die landstreek wat nou bekend is as Natal, het Dingaan hom en sy geselskap op 6 Februarie 1838 op verraderlike wyse vermoor, daartoe opgestook deur Engelse; so is 66 Boere en 30 van hul volk om die lewe gebring; en so het die Groot Trek sy grootmoedigste en edelste leier verloor.

Dingaan het daarop sy leërmagte gestuur en hulle het die vroue, kinders en oues van dae aan die Boesmansrivier (Bloukrans), waar nou die dorp Weenen staan, oorval, en 282 blankes en 250 bediendes vermoor. Teen die einde van die jaar het ons die land van die geweldenaar met 'n klein kommando van 464 man binnegetrek, en op 16 Desember 1838 (sedertdien bekend as Dingaansdag, die roemrykste dag in ons geskiedenis) het ons die Zoeloe-leërmag van ongeveer 10,000 man verslaan en Dingaan se hoofstat verbrand. Daarna het ons ons vreedsaam in Natal gevestig en daar 'n vrye republiek gestig. Die bodem is immers met ons geld gekoop en met ons bloed gedoop.

Hierdie republiek mog egter nie lank bly bestaan nie. Die Britse Koloniale Kantoor het ons agtervolg. Eers het die Britse Regering besluit tot 'n militêre besetting van Natal, want, soos goewerneur Napier op 22 Junie 1840 aan lord Russell, die minister, geskryf het, „was dit blykbaar die vaste voorneme van Haar Majesteit om haar koloniale besittings in Afrika nie uit te brei nie". Die militêre besetting het slegs die verdrukking

van die Boere ten doel gehad, soos goewerneur Napier onbewimpeld op 16 Januarie 1838 in sy dépêche aan lord Glenelg verklaar het, naamlik om te verhinder dat die Boere kruit kry en hulle te belet om 'n onafhanklike republiek te stig, waardeur hy gehoop het dat die emigrasie sou ophou. En weer het lord Stanley goewerneur Napier op 10 April 1842 beveel om die Boere van alle kommunikasie af te sny en hulle mee te deel dat die Britse Regering die barbare teen hulle sou help en hulle as rebelle sou behandel.

Die militêre okkupasie is deur ons teengestaan, en twee maal afgeslaan; hier het egter meer Engelse op die vlug verdrink as wat daar deur die koeëls geval het.

Later is kommissaris Cloete gestuur om die jong republiek te annekseer, as beloning omdat die Boere dit vir die beskawing skoongemaak het.

Dit het onder die kragtigste protes van ons kant geskied. Op 21 Februarie 1842 het die Volksraad van Pietermaritzburg, onder voorsitterskap van Joachim Prinsloo, aan goewerneur Napier geskryf:

> „Ons weet dat daar 'n God is, wat Beheerser van hemel en aarde is en wat die mag het en gewillig is om die swakkes teen hul onderdrukkers te beskerm. Op Hom vertrou ons, en op die regverdigheid van ons saak. Indien dit sy wil is dat ons, ons vrouens en kinders, totaal vernietig moet word, sal ons ons nederig aan sy wil onderwerp. Ons wil die mag van Engeland nie uitdaag nie; maar ons kan nie toelaat dat mag oor reg sal seëvier sonder dat ons dit met al die kragte wat ons besit, bestry het nie."

Aan die Engelse kommissaris het die Boerevroue op Pietermaritzburg verklaar dat liewer as om hulle weer aan die Britse heerskappy te onderwerp, hulle blootsvoets oor die Drakensberge sou loop na die vryheid of die dood. Voorwaar, sulke borste kan nie slawe voed nie.

En hulle was getrou aan hul woord. Toe Andries Pretorius, ons dapper leidsman, op sy terugreis van Grahamstad, waarheen hy honderde myle ver te perd gery het om goewerneur Pottinger met die ware toedrag van sake bekend te maak — wat hom egter ongehoord teruggestuur het met die ekskuus dat hy te veel werk het — die Drakensberge bereik, het hy daar byna die hele bevolking aan die uittrek gevind, weg van die Engelse heerskappy af, terug oor die Drakensberge. Sy vrou het in die wa siek gelê, en sy dogter moes die osse lei, waardeur sy erg beseer is. En dit was maar een geval uit baie.

Sir Harry Smith, wat Pottinger opgevolg het as goewerneur, het die toestand van die trekkende Boere beskryf as „'n toestand van ellende soos hy nog nooit gesien het nie, behalwe by die inval van Massena in Portugal. Die toneel was waarlik hartroerend."

Dit het die Britse Regering ons in verband met Natal besorg.

Ons het oor die Drakensberge teruggetrek na die Vrystaat, waar sommige gebly het, terwyl ander oor die Vaalrivier noordwaarts getrek het. Maar hier eers enkele besonderhede in verband met die Oranje-Vrystaat.

---

## DIE ORANJE-VRYSTAAT

Die Engelse het die voornoemde Wet 6 en 7, W.4 c. 57 uitgevoer en 'n Resident in die Oranje-Vrystaat aangestel. Pretorius het hom egter 48 uur tyds gegee om die Republiek te verlaat. Sir Harry Smith het daarop 'n leër bymekaar gebring wat grotendeels uit swartes bestaan het wat teen ons blankes opgestook was, en ons op 29 Augustus 1848 op Boomplaats beveg. Ná die geveg, wat hardnekkig was, is 'n Boer, Thomas Dreyer, deur die swartes van Smith se leër gevang en, tot skande van die Engelse goewerneur, om die lewe gebring, om geen ander misdaad nie as dat hy, wat jare tevore 'n Britse onderdaan was, dit nou gewaag het om teen Haar Majesteit se vlag te veg.

Nog 'n moord en skandaal op rekening van Engeland.

Intussen het sir Harry Smith die Vrystaat ook geannekseer onder die naam „The Orange River Sovereignty", onder die voorwendsel dat vier-vyfdes van die inwoners ten gunste was van Britse heerskappy en slegs deur die geweld van Pretorius geïntimideer was. Maar die Britse Resident het al gou oorhoop geraak met Moshesh, die groot en sluwe opperhoof van die Basoeto's. Die Resident het die hulp van die Boere ingeroep, dog van die 1000 man wat geroep was, het slegs 75 gehoor gegee. En die Engelse moes die onderspit delf. Die Resident het aan sy regering geskryf dat die bestaan van „The Orange River Sovereignty" nou afhang van Andries Pretorius, die man op wie se hoof sir Harry Smith 'n prys van £2000 gesit het. Graaf Grey het sensuur uitgespreek oor sir Harry Smith en resident Warden en hulle afgedank, terwyl hy in sy dépêche van 15 Desember 1851 aan die goewerneur gesê het dat die Britse Regering die land geannekseer het op die voorstelling dat dit algemeen deur die inwoners verlang is; maar as die inwoners nie die Britse Regering wil ondersteun nie, wat alleen terwille van hulle daargestel is, en verlang om daarvan ontslae

CARNEGIE BIBLIOTEEK

te raak, dan was daar geen belang by om dit aan te hou nie. „Wanneer ons terugtrek, sal u (die goewerneur) egter duidelik verstaan dat alle oorloë, hoe bloedig ook, wat later mag uitbreek onder die verskillende stamme en bevolkings wat in 'n staat van onafhanklikheid buite die Koloniale grense gelaat is, dat sodanige oorloë nie as grond tot inmenging beskou moet word nie."

Met ander woorde, soos Froude sê:

„In 1852 het ons ondervind dat oorloë met die naturelle en die Hollandse boere kosbaar en nutteloos was; dat die uitstuur van troepe en die dood van duisende naturelle 'n vreemde wyse was om hulle te beskerm. Ons het besluit om binne ons gebied te bly, ons nie in te meng oorkant die Oranjerivier nie en die naturelle en Hollandse boere alleen te laat om hul geskille self te besleg."

En weer:

„Aangesien ons sat geword het van ondernemings wat nòg tot eer nòg tot vrede gelei het, het ons in 1852 besluit om die Oranjerivier die skeidslyn van die Britse verantwoordelikheid te maak. Ons het formele traktate met die twee Hollandse state gesluit en ons verbind om ons nie in te meng in geskille tussen hulle en die naturelle nie, maar hulle alleen te laat om 'n skeidsmuur te vorm of (wat ons as die mees waarskynlike resultaat geag het) onder te gaan in 'n ongelyke worstelstryd met krygshaftige rasse wat hulle oneindig in getal oortref het."

Die bestuur van die Vrystaat het die Britse belastingbetaler te veel gekos. Die gedagte daarby was: gee die Boer maar genoeg skiet en hy sal sy rieme styfloop.

'n Nuwe goewerneur, sir George Cathcart, is uitgestuur met twee spesiale kommissarisse om aan die nuwe politiek gevolg te gee, en daar is 'n traktaat tussen Engeland en die Vrystaat onderteken waaronder aan die Vrystaat volkome onafhanklikheid gewaarborg is, en van Britse kant is onderneem dat die Britse Regering hom nie met naturellestamme noord van Grootrivier sal bemoei nie.

Soos Cathcart in sy briewe sê: „Die soewereiniteitseepbel het gebars," en: „Die dwase soewereiniteitklugspel is uitgespeel."

'n Mens moet nie vergeet nie dat solank die Vrystaat Engelse gebied was, daar beskou was dat dit die streek wat tans Kimberley en die diamantvelde is, omsluit het; dat Engelse grondbriewe onder die Orange River Sovereignty vir die betrokke grond uitgereik is as grond wat aan die Sovereignty

behoort en dat die streek deel van die regsgebied van 'n Sovereignty-magistraat was en dat dit by die herstel van die Vrystaat ook deel van die Oranje-Vrystaat gebly het.

Die konvensie tussen Engeland en die Vrystaat was egter nog nie vyftien jaar oud nie, toe is dit deur die Engelse verbreek, hoewel hulle plegtig onderneem het om hulle nie met naturellesake noord van Grootrivier te bemoei nie. Toe die Basoeto's die Vrystaters vermoor en beroof het, vrouens verkrag en gewelddade sonder tal gepleeg het, en die Vrystaters ná 'n stryd van drie jaar daarin geslaag het om hulle deeglik te tugtig, het die Engelse hulle in 1869 ten gunste van die Basoeto's in die stryd gemeng; dog in die Aliwal-konvensie het hulle nogmaals verklaar dat hulle hul nie sal inmeng nie.

Die ink van hierdie traktaat was egter skaars droog, toe in dié deel van die Vrystaat tussen Groot- en Vaalrivier, waarna reeds verwys is, diamante ontdek is. In plaas van reguit te sê dat hulle (die Britse Regering) die sterkste is en dus die grond eis waarin die rykste diamantmyn in die wêreld lê, is as ware oorsaak vir die ontvreemding van hierdie grond aan die Vrystaat op huigelagtige wyse aangevoer dat dit aan 'n naturel behoort, nieteenstaande die onwaarheid van hierdie bewering selfs deur die Britse geregshowe bevestig is.

Die gedagte was, sê Froude, dat die pragtigste diamantmyn in die wêreld nie vir die Britse Ryk verlore moes gaan nie. Die grond is toe van die Boere afgeneem, „en van dié dag af kan die Boer in Suid-Afrika minder as ooit op Engelse beloftes vertrou". Dit bestempel Froude, wat nog voor die Jameson-strooptog gesterf het, as „perhaps the most discreditable page in British colonial history".

Later, toe Brand na Engeland gegaan het, het Engeland skuld beken en as skadevergoeding 'n armsalige bedrag van £90,000 betaal vir die rykste diamantmyn in die wêreld, waaruit byna daagliks 'n groter waarde gedelf word.

Maar nieteenstaande die Vrystaatse konvensie, nieteenstaande die herhaalde beloftes in die Aliwal-konvensie, moes die Vrystaat nog 'n derde ergerlike verbreking van die konvensie deur Engeland verduur. Tienduisende gewere is deur die Kaapkolonie na Kimberley uitgevoer en daar aan die Kaffers, wat die twee Hollandse Republieke omsingel en bedreig het, verkoop. Generaal sir Arthur Cunynghame, die Engelse bevelvoerder in Suid-Afrika, sê dat onder sy beheer 400,000 gewere op hierdie wyse aan Kaffers verkoop is. Proteste van Transvaal en die Vrystaat het niks gebaat nie, en toe die Vrystaat van sy reg gebruik gemaak en waens vol gewere op pad na sy gebied aangehou het, moes hy aan die Britse Regering nog boonop vergoeding betaal.

„Die Vrystaat," sê die Engelse geskiedskrywer Froude, „het die vergoeding onder protes betaal met 'n ouderwetse beroep op die God van geregtigheid, wat hulle, vreemd genoeg, as 'n werklikheid beskou."

In die Engelse politiek geld dus selfs die God van geregtigheid nie langer nie.

Sover dan ons verpligte uittog uit die Kolonie, en die ontneming deur Engeland aan ons van Natal en die Vrystaat. Nou bly daar nog Transvaal.

---

## DIE SUID-AFRIKAANSE REPUBLIEK

Ons het reeds melding gemaak van die noodlottige einde van die Trichardt-trek. Die Trichardts het gevind dat Transvaal oorstroom is deur die krygsvolk van Moselekaats, koning van die Matabeles en vader van Lobengula. Die ander Kafferstamme in Transvaal was sy honde.

Toe Moselekaats hoor van die naderende Trekkers het hy 'n impi gestuur om hulle te verdelg. Hulle het 'n aantal afgeskeie mense vermoor, dog die impi is op Vegkop deur die klein laertjie van Charl Cilliers verslaan. Hier het ook die Boerevroue hulle deur heldedade onderskei. Kort daarna het die Emigrante deur die Vaalrivier getrek en na twee gevegte Moselekaats en sy barbare oor die Limpoporivier tot in Matabeleland verja. Ná die anneksasie van Natal het Andries Pretorius ook na Transvaal gekom en daar rustig as aanvoerder geleef nieteenstaande die prys wat sir Harry Smith ná Boomplaats op sy hoof gestel het nie. En die Britse Resident in die Vrystaat, wat nou nog aan Engeland behoort het, moes aan die Engelse goewerneur skryf dat die lot van die Vrystaat van hierdie Pretorius afhang. Aan sy invloed was dit te danke dat Moshesh nie die Britse soldate verdelg het nie. In Engeland is besluit, soos die meer aangehaalde Froude sê, om die Afrikaners en die Kaffers buite die grense met rus te laat, met die hoop daarby dat die Kaffers die Afrikaners sou verdelg.

Die Koloniale Kantoor was dus bly, sê die Engelse parlementslid Molesworth, toe die goewerneur in 1851 van Andries Pretorius, kommandant-generaal van die Transvaalse Boere, 'n brief ontvang waarin hy namens sy volk aanbied om onderhandelings met die Britse Regering aan te knoop met die oog op 'n traktaat van vrede en vriendskap. Die prys op sy hoof gestel, is dadelik gekanselleer, en toe sir Harry Smith in oneer teruggeroep is, is goewerneur Cathcart deur graaf Grey uitgestuur om die onafhanklikheid van die Boere te erken. Die

Aberdeen-ministerie, wat onmiddellik opgevolg het, het deur sy woordvoerder in die Engelse Laerhuis verklaar: „Dit spyt ons dat hulle ooit oor Grootrivier getrek het. Lord Grey het dit gedoen terwille van sir Harry Smith en teen sy eie beterwete en beter insigte in, daar die Boere vyandig was teen die Britse heerskappy." Hierdie politiek is byna eenparig deur die Britse Laerhuis bekragtig.

Daarop is Pretorius se voorstel aangeneem, en die twee assistent-hoëkommissarisse Hogge en Owen, met goewerneur Cathcart uitgestuur, het met die afgevaardigdes van die Boere 'n byeenkoms gehou ten gevolge waarvan die Sandrivier-konvensie deur die partye wedersyds onderteken is. In hierdie konvensie, soos ook in die latere Vrystaatse, is die Transvaalse Boere op die volledigste wyse teen inmenging of letsel van Engelse kant gewaarborg, nòg met hulle nòg met die naturelle noord van die Grootrivier, aan wie dit ook wedersyds verbied is om skietgoed te verskaf. Die Britse kommissarisse het verslag gedoen dat die erkenning van die onafhanklikheid van die Transvaalse Boere groot voordele meebring, daar dit hul vriendskap sou verseker, hul verbintenis met Moshesh sou verhinder en verseker dat geen slawerny sou bestaan nie en dat misdadigers uitgelewer sou word.

Op 13 Mei 1852 het sir George Cathcart, die goewerneur, in 'n proklamasie sy voldoening uitgespreek dat hy as een van die eerste dade van sy bestuur die Sandrivier-konvensie kon goedkeur. Op 24 Junie 1852 het ook die Britse Koloniale Sekretaris die konvensie goedgekeur.

Die Republiek het nou 'n konvensie besit wat, vir sover dit die voorwaardes betref het, hom skynbaar 'n rustige toekoms voorspel het. Die Republiek is behalwe in Engeland ook in Holland, Frankryk, Duitsland, België en veral deur die Verenigde State van Amerika, erken. Die Staatsekretaris van Amerika het op 19 November 1870 uit Washington aan pres. Pretorius geskryf en gesê dat sy regering die soewereiniteit van die Transvaalse Republiek hartlik erken en bereid sal wees alle maatreëls te tref wat daardeur vereis mag word.

Maar op die woord van Engeland selfs in 'n konvensie deur hom goedgekeur en onderteken, kon nie vertrou word nie. Toe diamante in die Vrystaat, nog geen sewentien jaar ná die ondertekening van die konvensie, ontdek is, het Engeland aanspraak gemaak op 'n deel van die Transvaalse gebied wat gegrens het aan dié deel van die Vrystaat wat hy reeds afgeneem het. Daar is tot arbitrasie oorgegaan. Die arbiters het verskil en die skeidsregter, goewerneur Keate van Natal, het teen Transvaal uitspraak gedoen. Toe het dit geblyk dat die Britse arbiter van die Kafferkaptein Waterboer twaalfduisend

morge grond vir 'n appel en 'n ei gekoop het, en dat goewerneur Keate, in stryd met die konvensie, Waterboer reeds as 'n Britse onderdaan aangeneem het. Selfs dr. Moffat, wat geen vriend van die Boere was nie, het in 'n brief aan die Londense *Times* hierteen geprotesteer omdat die betrokke grond steeds aan Transvaal behoort het.

Maar dit was maar een van die breuke van die konvensie. Toe die vierhonderd-duisend gewere aan Kaffers in Kimberley verkoop is, waarvan Cunynghame en Moodie getuie was, het Transvaal in 1872 by die Kaapse Hoë Kommissaris hewig protes aangeteken. Hy moes hom egter tevrede stel met 'n parmantige antwoord van sir Henry Barkly.

En om die kroon te span op al die skanddade van Engeland het hierop gevolg die anneksasie van Transvaal deur middel van Shepstone op 12 April 1874. Om die kroon op sy Suid-Afrikaanse konfederasie-politiek te sit, het lord Carnarvon Bartle Frere as goewerneur na die Kaap gestuur. Hy het ook Shepstone na Transvaal gestuur om die land te annekseer as die toestemming van die Volksraad of van die meerderheid van die inwoners verkry kon word. Die Volksraad het teen die anneksasie geprotesteer, die president het geprotesteer, en uit 'n moontlike agtduisend burgers het sesduisend-agthonderd geprotesteer; dog alles tevergeefs.

Biskop Colenso het verklaar dat: „The sly underhand way in which the Transvaal had been annexed, appears to me to be unworthy of the English name."

Die Vrystaat het eweneens sy innigste spyt oor die anneksasie uitgespreek. Selfs Gladstone het sy spyt uitgedruk en erken dat in Transvaal Engeland in die posisie verkeer van die vrye onderdane van 'n koninkryk wat die vrye onderdane van 'n republiek gaan onderdruk en dwing om 'n burgerskap aan te neem wat hulle nie wil hê nie, maar dit het alles niks gehelp nie.

Sir Garnet Wolseley het verklaar: „As long as the sun shines, the Transvaal will remain British territory," en weer: „dat die Vaalrivier eerder terug na sy bron oor die Drakensberge sou loop voordat Engeland Transvaal sou afstaan."

Shepstone se vernaamste redes vir die anneksasie was dat Transvaal Sekoekoenie nie kon oorwin nie, en verder dat die Zoeloes gedreig het om Transvaal te oorweldig. Wat Sekoekoenie betref, het hy kort tevore om vrede gesmeek, en hy is deur die Republiek met tweeduisend beeste beboet. En wat die Zoeloe-nasie betref, is die dreigende gevaar nooit deur die Republiek gevoel nie. Vierhonderd burgers het in 1838 die Zoeloe-mag verbreek en in 1840 Panda, vader van Cetewayo,

gekroon. Sir Bartle Frere het op 12 Januarie 1879 in 'n brief aan sir Robert Herbert erken dat dit vir hom vreemd was dat die Zoeloes Natal so lank ongehinderd gelaat het totdat hy uitgevind het dat die Zoeloes in die tyd van Dingaan totaal verslaan is deur die Boere. Kort voor die anneksasie het 'n klein afdeling Transvaalse burgers die opperhoof Umbeline tot in die hart van Zoeloeland agtervolg. Maar Colenso toon aan wat 'n bedrieglike stokperdjie die Zoeloe-moeilikheid was. Daar het etlike jare lank tussen Transvaal en die Zoeloes 'n geskil bestaan oor 'n strook grond op die grens wat sedert 1869 deur die burgers beset en bewoon was. Voor die anneksasie, toe Shepstone nog in Natal was, is hierdie kwessie na hom verwys en hy het duidelike uitspraak teen die Boere en ten gunste van die Zoeloes gegee. Daar kon dus geen rede vir 'n Zoeloe-aanval op Transvaal wees nie. Shepstone was egter skaars oorheerser van Transvaal, wat hy tot Engelse gebied verklaar het, of hy vind uit dat daar sulke sterk getuienis was vir die aanspraak van die Boere dat die Zoeloes geen eis ten opsigte van die betrokke grond gehad het nie. Die goewerneur van Natal, Bulwer, het 'n grenskommissie aangestel wat ten gunste van die Zoeloes uitspraak gedoen het; maar Shepstone het hewig teen hierdie uitspraak uitgevaar, en Bartle Frere en die hoë kommissaris het hom blindelings gevolg, met die gevolg dat Engeland 'n ultimatum aan die Zoeloes gestuur en die Zoeloe-oorlog daarop gevolg het, wat die Engelse naam in Suid-Afrika veel skade onder die naturelle berokken het.

Ons sien dus dat Shepstone se twee vernaamste redes van alle grond ontbloot was.

Dit was natuurlik vir die Staatsekretaris moeilik om sy opdrag „om te annekseer indien die meerderheid van die bevolking daarvoor is" te handhaaf teen die feit dat sesduisend-agthonderd uit die agtduisend burgers beswaar gemaak het; maar sonder dat die minste rede daartoe bestaan het, het sowel Shepstone as Carnarvon verklaar dat die naamtekeninge op die petisie teen die anneksasie onder dreigemente verkry was. Juis die teenoorgestelde was waar. Toe die vergadering op Pretoria gehou is om die petisie te teken, het Shepstone die kanonne op die byeen-vergaderde mense laat aanlê. En boonop het hy nog 'n proklamasie uitgereik waarin hy gedreig en gewaarsku het teen die ondertekening van die petisie.

Toe hierdie redes dus uit die veld geslaan is, moes hulle hul beroep op 'n voldonge feit. Carnarvon het gesê dat hy die afgevaardigdes slegs sou mislei as hy hulle enige hoop op teruggawe sou gee. Gladstone het dit herhaal deur te sê dat hy nie die koningin kon aanraai om haar soewereiniteit aan Transvaal te onttrek nie.

Toe daarop gewys is dat die anneksasie 'n growwe skending van die Sandrivier-traktaat is, het sir Bartle Frere in 1879 gesê dat as 'n mens na die Sandrivier-konvensie wil teruggaan, jy net so goed tot die Skepping kon teruggaan!

Dit moet hier ook nie vergeet word nie dat die grond wat ten gevolge van die Keate-beslissing in 1870 buite die grense van die Republiek geval het, nou deur Shepstone by Transvaal ingelyf is as grond wat aan Transvaal behoort.

Daar was ook nog ander dinge wat vir Transvaal onder 'n republikeinse bestuur verkeerd was, maar nou onder die Engelse bestuur volkome reg was. In die oorlog tussen die Republiek en Sekoekoenie het die Britse hoë kommissaris daarteen geprotesteer dat die Republiek in die bevegting van Sekoekoenie van Swazies en vrywilligers gebruik maak. Onder die Britse bestuur is hierdie oorlog voortgesit, eers met troepe, maar toe hulle deur die Kaffers verslaan is, is 'n leër Swazies opgeroep en ook van vrywilligers gebruik gemaak. Hoeveel Swazies daar was, blyk uit die feit dat 500 Swazies gesneuwel het. Die gruweldade wat in daardie stryd deur die Swazie-helpers van die Engelse gepleeg is, is verskriklik.

Colenso, wat in die geleentheid was om te oordeel, sê van die gevolge van die anneksasie van die Republiek: „Die moeilikheid met Zoeloeland, en ook dié met Sekoekoenie, is die regstreekse gevolg van die ongelukkige anneksasie van Transvaal, wat ons tegemoet sou gekom het as ons nie van hul land soos 'n klomp vrybuiters besit geneem het nie, deels deur ‚trickery' en deels deur ‚bullying'." En op 'n ander plek sê hy: „En so het ons Transvaal geannekseer en die daad het as sy Nemesis die Zoeloe-moeilikheid meegebring."

Dat die Britse Regering steeds die gedagte gekoester het om van die Zoeloes gebruik te maak om Transvaal te verdelg wanneer 'n geskikte geleentheid daartoe sou aanbreek, blyk uit 'n brief van sir Bartle Frere, destyds hoë kommissaris, aan generaal Ponsonby, waarin hy sê:

> „Dit is 'n feit dat toe die Boere-republiek 'n mededinger en 'n half-vyandelike mag was, dit in Natal te swak was om die Zoeloes te paai, soos 'n mens met 'n mak wolf maak wat net die skape van die bure verslind. Ons het weliswaar steeds moenie gesê; maar nou dat altwee die kuddes aan ons behoort, voel ons 'n bietjie verleë as ons hulle nou moet afkeer."

En weer in 'n brief aan sir Robert Herbert:

> „Die Engelse was wel daartoe geneë om die Zoeloes teen die Boere te help. Dit was vir my 'n skok om uit te vind

hoe na aan die wind die voorgangers van die teenswoordige Natalse bewind in die ondersteuning van die Zoeloes teen die Boere geseil het. John Dunn verklaar dat hy Zoeloes van gewere voorsien het met medewete van die regering. *(Dus ook van hierdie kant 'n verbreking van die Sandrivier-konvensie.)* Dit is ongetwyfeld dat in Natal die simpatie sterk aan die kant van die Zoeloes en teen die Boere was, en wat nog erger is, nou nog is."

In sulke omstandighede dan het die anneksasie plaasgevind. Die Engelse het weer nie geskroom om van die hulp van Kaffers teen die Boere gebruik te maak nie, soos op Boomplaats. En op alle maniere is getrag om dit tot die Britse volk te laat deurdring dat hier 'n groot onreg gepleeg is; maar selfs die hoë kommissaris wou dit nie insien nie, en onderwyl hy geluister het na die woorde wat uit ons bloeiende harte kom, het hy die wens uitgespreek dat hy artillerie met hom meegebring het om ons uitmekaar te ja, en hy het wanvoorstellings omtrent ons gedoen en ons aanhoudend beklad.

Ons het hoopvol gesê dat die volk glo dat as die koningin van Engeland en die Engelse volk weet dat in Transvaal 'n volk verdruk word, hulle dit nie sou gedoog nie. Maar nou moes ons sê dat ons nie meer tot Engeland kon spreek nie, omdat daar niemand was wat ons wou aanhoor nie. Met vertroue op die almagtige God van reg en geregtigheid het ons ons tot 'n skynbaar hopelose stryd aangegord in die oortuiging dat of ons oorwin en of ons sterf, die son van die vryheid in Suid-Afrika uit die môrewolke sou verrys. Met Gods almag het ons oorwin, en dit het gelyk of ons vryheid weer 'n tyd lank verseker was.

Op Bronkhorstspruit, op Laingsnek, op Ingogo en op Amajuba het God ons die oorwinning gegee, hoewel in elkeen van hierdie veldslae die Britse troepe groter in aantal en beter bewapen was as ons. Nadat hierdie oorwinnings nuwe krag aan ons argumente verleen het, het die Britse Regering, onder leiding van die onvergeetlike Gladstone, besluit om die anneksasie te vernietig en ons geskonde regte aan ons terug te gee.

---

## KONVENSIES VAN 1881 EN 1884

'n Eenvoudige mens sou gedink het dat die enigste billike manier om dit te doen sou gewees het dat die Britse Regering hom in die vervolg aan die bepalings van die Sandrivier-konvensie sou hou. As die anneksasie op sigself verkeerd was

en nie alleen omdat dit deur Boere-oorwinnings gevolg is nie, dan moes dit met al die gevolge daarvan uit die wêreld gemaak word en daar moes 'n *restitutio in integrum* van die Republiek plaasvind; dit wil sê, die Boere moes in dieselfde posisie geplaas word as dié waarin hulle voor die anneksasie was. Maar wat het gebeur? Met 'n grootmoedigheid wat die Engelse pers en redenaars nooit moeg geword het om voor ons oë te hou nie, het hulle ons land teruggegee; maar die skending van die Sandrivier-konvensie is nie uit die weg geruim nie. In plaas van soewereine vryheid, het ons vryheid van binnelandse bestuur verkry onder voorbehoud van die susereine mag oor die Republiek aan Haar Majesteit. Dit het geskied in die konvensie van Pretoria, die aanhef waarvan selfbestuur gegee het aan die „Transvaal-Staat" met uitdruklike voorbehoud van die „susereiniteit", en die artikels waarvan 'n *modus vivendi* tussen daardie selfbestuur en die susereiniteit probeer bewerkstellig het.

Onder hierdie tweeslagtige reëling is die Republiek drie jaar lank deur twee heterogene beginsels beheer: dié van die volksverteenwoordigende selfbestuur, en dié verteenwoordig deur die Britse Resident. Hierdie stelsel moes natuurlik onuitvoerbaar blyk; ook het dit gelyk of dit nie die bedoeling was dat hierdie reëling in 1881 finaal sou wees nie. Veral was die susereiniteit 'n gedrog wat nie met praktiese werklikheid ooreengebring kon word nie. Met goedkeuring van die Britse Regering het daar dus in 1883 'n afvaardiging na Londen vertrek met die doel om die status van die Republiek verander te kry en die konvensie van Pretoria met 'n nuwe te vervang. Die afvaardiging het voorgestel dat na die toestand onder die Sandrivier-konvensie teruggekeer moet word, en dit sou ook die enigste regverdige en staatsmanlike reëling gewees het. Die ministerie, wat volgens een van die getuies aan Britse kant, die weleerw. heer D. P. Faure, onder onheilsame vrees vir die Britse Parlement verkeer het, het geweier om hierin toe te stem, en 'n teenvoorstel gemaak (sien Bylae A) wat per slot van sake deur die afvaardiging aangeneem is, en die bepalings waarvan vir ons tans van die grootste belang is. Daardie konsep het bestaan uit die Pretoria-konvensie met wysigings wat bedoel was om dit vir die afvaardiging aanneemlik te maak. Die aanhef, waarin selfbestuur met behoud van die susereiniteit aan die Republiek gegee is, is deur lord Derby, toenmalige Staatsekretaris vir die Kolonies, geheel geskrap en daardeur het natuurlik ook die susereiniteit by die ewentuele aanname van die konsep verval. Om dit nog duideliker te maak dat die status van die republiek op 'n ander basis gestel was, is die benaming Transvaal-Staat verander tot die S.A. Republiek. Alle

artikels in die Pretoria-konvensie wat aan die Britse Regering bevoegdheid in die binnelandse aangeleenthede van die Republiek gegee het, is geskrap.

Wat binnelandse aangeleenthede betref, is daar ook 'n groot, ja ingrypende verandering aangebring. Die konvensie van Pretoria het in artikel 2 bepaal dat „Haar Majesteit vir haar, ens., voorbehou die toesig op buitelandse betrekkinge van genoemde staat, met inbegrip van die aangaan van traktate en die reëling van diplomatieke onderhandelings met vreemde moondhede, en sodanige onderhandelings moet gevoer word deur middel van Haar Majesteit se diplomatieke en konsulêre amptenare in die buiteland".

Dit is vervang deur artikel 4 van die Londense konvensie wat as volg lui: „Die S.A. Republiek mag geen verdrag of verbintenis met enige staat of nasie behalwe die Oranje-Vrystaat aangaan nie, nòg met enige inboorlingstam ten ooste of ten weste van die republiek voordat dit deur Haar Majesteit die Koningin goedgekeur is nie. Die goedkeuring sal geag word verleen te wees as Haar Majesteit se Regering nie binne ses maande ná die ontvangs van 'n afskrif van sodanige verdrag (wat onmiddellik nadat dit voltooi is aan haar oorhandig moet word) te kenne gegee het dat die sluiting van sodanige verdrag in stryd is met die belange van Groot-Brittanje of van een van Haar Majesteit se besittings in Suid-Afrika."

Dus is die reg van die Britse Regering om oor al ons buitelandse betrekkinge toesig te hou en om al ons diplomatieke onderhandelings deur sy eie agente te reël, vervang deur die veel nouere reg om ons traktate en konvensies, *nadat hulle voltooi is*, goed of af te keur, en dit slegs in belang van Groot-Brittanje of van Haar Majesteit se besittings in Suid-Afrika.

Dit was hierdie artikel 4 wat die skyn, dog ook alleen die skyn van waarheid verleen het aan lord Derby se verklaring in die Hoërhuis dat hoewel hy die „susereiniteit" laat vaar het, die substansie daarvan nog bly. Dit sou juister gewees het om te sê dat deur die wegval van die susereiniteit die S.A. Republiek nie langer onder die benaming van 'n half soewereine staat val nie; dat hy 'n vry, onafhanklike, soewereine internasionale staat geword het, waarvan die soewereiniteit alleen onderhewig is aan die beperking in artikel 4 van die konvensie vermeld. Soewereiniteit hoef nie noodwendig absoluut te wees nie. België is tog 'n soewereine internasionale staat, hoewel hy verbind is tot 'n toestand van permanente neutraliteit. Binne hierdie kategorie van state waarvan die soewereiniteit in een of ander bepaalde opsig beperk dog nieteenstaande onbetwisbaar is, val ook die S.A. Republiek. Ek sal later aantoon hoe hierdie

posisie, wat ongetwyfeld die juiste is, standvastig deur die Regering van die S.A. Republiek gehandhaaf is.

Ek keer nou tot die historiese ontwikkeling terug.

---

## KAPITALISTIESE JINGOÏSME: EERSTE PERIODE

In 1886 is goud in groot hoeveelhede in verskillende dele van die S.A. Republiek ontdek en met dié ontdekking het ons volk 'n nuwe tydperk van sy geskiedenis ingetree. Van 'n toestand van groot armoede sou die S.A. Republiek binne weinige jare 'n ryk en voorspoedige staat word, 'n land in alle opsigte geskik om die begerigheid van die kapitalis en die spekulant op te wek en aan te wakker. Binne weinige jare het die S.A. Republiek 'n eerste plek in die ry van die goudproduserende lande van die wêreld ingeneem. Die kaal veld van weleer is oordek met groot stede wat bevolk is met 'n klas van spekulante en nyweraars wat uit alle hoeke van die wêreld afkomstig was. Die Boere, tot hiertoe veeboere en jagters, is nou geroep om 'n taak op hulle te neem wat een van die moeilikste in die wêreld is, naamlik die behartiging van die administrasie en die bestuur van die groot delwersbevolking wat plotseling in die buitengewoonste omstandighede tussen hulle ontstaan het. En hoe het hulle hul van die taak gekwyt? Olive Schreiner sê in haar skitterende brosjure wat onlangs verskyn het, en waarin sy blyke gee van 'n dieper insig in die ware toestande van Suid-Afrika as enige ander skrywer oor hierdie wêrelddeel, die volgende:

> „Ons stel die vraag aan alle edelmoedige en regverdige mense, of hulle staatsliede of denkers is, of die klein republiek nie ons simpatie verdien nie, die simpatie wat mense met 'n verstandige gees besiel, aan almal skenk wat nuwe en ingewikkelde vraagstukke moet behandel waar vorige ondervinding van die mensdom geen weg aangetoon het nie — en of, as ons die onderwerp aanroer, dit nie nodig is dat die simpatie geskenk word in dié ruim, onpartydige en waarheidsoekende gees waarin menslikheid ons gebied om alle groot maatskaplike moeilikhede en vraagstukke te nader nie? Dit is soms gesê dat wanneer 'n mens van die kruin van 'n heuwel neersien op die groot mynkamp van Johannesburg aan die voet, met sy bergehoë hope wit sand en afval, sy rokende mynskoorstene, met sy 70,000 Kaffers en sy 80,000 manne en vroue, blank en gekleurd en van

alle nasionaliteite wat binne 'n enkele paar jaar hier vergader het, op dieselfde plaas waar vyftien jaar gelede die Boerseun sy skape na die water geja en die Boervrou in die aand alleen in die huisdeur gesit het om na die ondergaan van die son te kyk, dat ons dan neersien op die wonderlikste skouspel op aarde. En wonderlik is dit voorwaar; maar as ons daarop neersien, kom die gedagte altyd by ons op van iets wat nog wonderliker is — die wonderlike wyse naamlik waarop 'n klein volk van eenvoudige mense wat in vrede lewe in die land wat hulle liefhet, ver van die gewoel van stede en die omgang met ander mense, aan die moeilikhede van hul nuwe toestand die hoof gebied het; hoe hulle sonder onderrig in staatkunde of handleidings in die politiek hulself aangegord het om hierdie groot moeilikhede aan te pak en ernstig daarna gestreef het om hulle met 'n onbevooroordeelde gemoed te bowe te kom en ook grootliks daarin geslaag het.

„Niks anders as daardie wonderbaarlike en wonderlike instink vir staatkunde en die organisasie en inrigting van nuwe maatskaplike toestande wat as 'n gawe van die bloed skyn geëerf te word deur al die volke wat opgekom het in die klein deltas in die noordweste van die vasteland van Europa, maar vanwaar sowel die Engelse as die Hollandse mense gekom het, kon dit moontlik gemaak het nie. Ons sê nie dat die Transvaalse Republiek onder sy leidsliede en regeerders 'n Solon of 'n Lycurgus het nie, maar hy het tans onder die mense wat sy lot bestier, dapper en ernstige manne wat manmoedig en met diepe erns daarna streef om die groot vraagstukke waarmee hulle te kampe het in 'n ruim gees van menslikheid en regverdigheid aan te pak en op te los. En ons herhaal weer dat hulle gesterk behoort te word deur die opregte simpatie van alle ernstige en nadenkende mense, nie alleen in Afrika nie, maar ook in Engeland."

In vergelyking met die delwerye van ander lande was die Witwatersrand seker die bes bestuurde myngebied in die wêreld. Dit is die byna eenparige getuienis van persone wat lang tye op die goudvelde van Kalifornië, Australië en Klondyke deurgebring het. Wat Suid-Afrika betref, is dit genoeg om alleen te wys op die diamantvelde van Grikwaland-Wes, wat regstreeks deur die Britse Regering beheer is en waar opstand, oproer, onbeskryflike onsekerheid en gevaar vir lewe en eiendom steeds aan die orde van die dag was. Ek heg hieraan 'n Bylae B, waaruit volgens die getuienis van mense wat dit met hul eie oë aanskou het, sal blyk wat 'n chaos op die diamantvelde

onder Britse bestuur geheers het, 'n toestand wat by dié van die Witwatersrandse goudvelde soos die nag by die dag afsteek. Ek sal later terugkom op die administratiewe toestand van die goudvelde van die S.A. Republiek en wens tans stil te staan by die magte wat hulle op die diamantvelde van die Kaapkolonie ontwikkel en 'n nuwe faktor van verbasende belang in die Suid-Afrikaanse situasie teweeggebring het. Tot hiertoe het ons alleen die uitwerking van die Britse politiek gesien, soms meer en soms minder jingo- en anneksasiegesind, steeds gelei deur die handelsinstink van die volk, maar in ander opsigte was dit steeds 'n politiek wat van die standpunt van staatsbelang uitgegaan het. Nou verskyn die faktor wat van nou af aan so 'n gewigvolle rol in die geskiedenis van Suid-Afrika sou speel — ek bedoel die kapitalisme. Die natuurlike ongelykheid van die mense vind uiting in die vele soorte invloede wat die een mens oor die ander kan besit en uitoefen; hierdie invloed kan van godsdienstige, sedelike, politieke of suiwer stoflike aard wees. Die laaste, die stoflike soort invloed, neem meestal die vorm aan van geld — die geldelike *nexus*, soos 'n Engelse skrywer dit uitgedruk het. 'n Buitengewone sametrekking van hierdie soort invloed lei tot die sogenaamde kapitalisme, net soos 'n buitengewone politieke invloed tot tirannie lei en 'n buitengewone sametrekking van godsdienstige invloed tot hiërargiese despotisme lei. Die kapitalisme dreig in die laaste tyd om vir die mensheid net so gevaarlik te word as die politieke tirannie van die ou Oosterse wêreld en die godsdienstige tirannie van die middeleeue vir hul respektiewe tye was.

In 'n wêreld vol ryk myne van alle soorte, soos in Suid-Afrika, spreek dit vanself dat die kapitalisme 'n groot en natuurlike rol te speel het. Ongelukkig het dit in Suid-Afrika van die begin af aan probeer om ver buite sy natuurlike grense te gaan: om *politieke* invloed te verwerf en daardeur alle ander vorms van mag en invloed aan hom en sy doelstellings diensbaar te maak. In hoeverre hy hierin geslaag het, bewys die feit dat Suid-Afrika tans op die rand van 'n afgrond staan en daarin verswelg kan word voordat die ink waarmee ek skryf, droog is.

Die gees van die Suid-Afrikaanse kapitalisme het sy inkarnasie gevind in die heer C. J. Rhodes, wat geweet het om dit sover te bring dat die mededingende en strydende belange op die diamantvelde in een groot korporasie geamalgameer is, aan die hoof waarvan hy self gestaan het. Hoewel hy miskien geen buitengewone aanleg vir die politiek gehad het nie, is hy onweerstaanbaar daarheen aangetrek, en hy het dit deur sy geldelike invloed, gepaard met 'n dubbele mate van die

gewetensrekbaarheid van sy klas, later sover gebring dat hy die Eerste Minister van die Kaapkolonie geword het en deur die Afrikanerparty met al sy krag en eenheid gesteun is. Die Afrikaners van die Kaapkolonie het in hom geglo omdat hulle werklik deurdronge was van die groot noodsaaklikheid van samewerking en samesmelting van die blanke rasse in Suid-Afrika, en hy, as lojale Engelsman maar met die volle vertroue van die Koloniale Afrikanerdom, het vir hulle juis die aangewese persoon gelyk om hul ideaal te verwesenlik.

'n Diepdenkende toeskouer van hierdie broederskap van die Afrikanerdom en die kapitalisme kon voorspel het dat daar vroeër of later 'n breuk sou plaasvind. Die Afrikaner-politiek berus immers op 'n diepgewortelde en suiwer nasionale gevoel, op 'n vurige politieke oortuiging, wat hom nooit aan geldelike belange sal kan diensbaar maak nie.

Aan die ander kant was daar die sogenaamde jingoïsme — 'n vorm van partypolitiek sonder vaste oortuiging of werklike geloof wat hom besighou met die gebruik van groot woorde en die speel met skoonklinkende gedagtes en beginsels; 'n politiek wat gedurig gespeel het op die snare van eiebelang, van onregmatige toeëiening van andermansgoed en van die lus tot grootdoenery wat so diepgewortel is in die menslike natuur — 'n politiek per slot van rekening in lynregte stryd met die ware gees van die godsdiens, met die estetiese gevoel van die mensheid en met die gevoel van nederigheid en gematigdheid wat die natuurlike grondslag van alle sedelikheid uitmaak.

Hier was dus kans vir 'n blywende bondgenootskap: tussen die kapitalisme met sy groot materiële invloed, maar sonder verhewe ideë en beginsels, aan die een kant, en die jingoïsme, arm, leeg, sielloos, maar met 'n ryk voorraad hoogdrawende ideë en beginsels en selfsugtige neigings aan die ander kant. Die een was juis geskik om die ander aan te vul en daardeur 'n natuurlike verbintenis aan te gaan, wat tans oor die hele wêreld heen 'n bedreiging word vir die grootste en blywende belange van die mensheid. Daardie kapitalistiese jingoïsme is die boom waarvan die arme Suid-Afrika vandag sulke wrange vrugte pluk.

Die heer Rhodes, met die verraderlike dubbelsinnigheid wat die blywende kenmerk van die Britse politiek in Suid-Afrika is, het openlik in die nouste verband met die Koloniale Afrikaners gewerk, terwyl hy in die geheim met die jingoïsme 'n komplot teen die Afrikaners en die Afrikaanse republikeine gesmee het. In die Kaapkolonie het hy die Afrikaners onder sy heerskappy gehad; hy sou nou probeer om dieselfde invloed — nie so seer vir hom persoonlik nie as vir die kapitalisme waarmee sy belange vereenselwig was — in die Suid-Afrikaanse Republiek

met sy ryk goudmyne te verkry. Slaag hy daarin, dan het hy sy persoonlike doel bereik en dan was die kapitaal absoluut despoot in Suid-Afrika.

Met die oog op hierdie doel gevestig, het hy en ander kapitaliste in 1892 'n politieke agitasie in Johannesburg teen die Republiek op tou gesit. In 'n plek soos Johannesburg, waar baie drank gebruik word, waar weens die hoë ligging en die besigheidsdrang die gemoedere steeds in 'n opgewonde toestand verkeer en waar juis dié mate van griewe bestaan wat bestem is om die skyn van waarheid aan denkbeeldige griewe te gee, was dit maklik genoeg om deur die gebruik van geld binne 'n kort tydjie 'n politieke gisting teweeg te bring.

Sodanig dan was die omstandighede waarin die „Nationale Uniebeweging" in 1892 in Johannesburg begin is, en die aanhangers waarvan uitsluitend bestaan het uit kreature en „oogsieners" van kapitaliste en 'n klein aantal eerlike domkoppe en entoesiaste wat natuurlik nie diep genoeg dink om die doel en strekking van sodanige huigelagtige beweging te deurgrond nie. Die kapitaliste het hulle op die agtergrond gehou, sodat die beweging die skyn van 'n volksbeweging kon hê. Die kapitaliste van Johannesburg was egter 'n teatrale boel, en die verlange om naam te maak was vir hulle te groot om steeds onderdruk te word. En so het dit dan in die loop van 'n paar jaar gekom dat hulle hul natuurlike plek aan die spits van die „opera-bouffe"-agitasie ingeneem het.

Hulle het met die laagste en vuilste middels die Boerepolitiek begin ondermyn om hulself sodoende meester te maak van alle mynwetgewing en -administrasie. Hulle het hulself en die wêreld wysgemaak dat die Boere 'n bedorwe en omkoopbare boel is en het dus dadelik na die geldwapen gegryp om laasgenoemdes te oormeester.

So het Lionel Phillips op 16 Junie 1894 aan Beit in Londen geskryf:

> „Ek mag hier sê dat, soos u natuurlik weet, ek geen verlange na politieke regte koester nie, en ek glo dat die bevolking in sy geheel geneem, in hierdie opsig nie eersugtig is nie.
>
> „Die bewaarplase-vraagstuk sal, na ek meen, in ons guns beslis word, maar teen 'n uitgawe van sowat £25,000.
>
> „Dit is die plan om 'n goeie som geld te bestee ten einde 'n beter Raad te verkry; maar ek moet hier meld dat die bestee van geld by verkiesings deur die laaste wet tot 'n kriminele misdaad gemaak is en dat die saak dus versigtig aangepak moet word."

En op 15 Julie 1894 skryf hy aan dieselfde persoon:

> „Ons troefkaart is 'n fonds van £10,000 — £15,000 om die Raad te verbeter. Ek moet 'n plan bedink. Ongelukkig het die maatskappye geen gelde vir geheime dienste nie. Ons verlang nie om die hand in die eie sak te steek nie."

Hier kry ons 'n blik agter die skerms en sien hoe die kapitaliste in 1894 reeds probeer het om ons openbare lewe te verlaag en te verniel deur middels wat selfs vir die strafwette van die land, laat staan die elementêre sedelikheid, nie stuit nie.

En het hulle geslaag? Is die volk en die Volksraad so omkoopbaar as wat hulle gedink het en soos hulle die wêreld nog steeds wil diets maak? Hul mislukking is die beste en mees afdoende antwoord hierop.

As omkopery op groot skaal nie by magte was om die kapitalisme oor die gemeenskap te laat seëvier nie, dan het die ander troefkaart van die politieke jingoïsme nog oorgebly. Die Hoë Kommissaris is gepols deur mnr. Phillips. En wat was die antwoord van sir Henry Loch, Haar Majesteit se verteenwoordiger in Suid-Afrika? In daardie selfde geheime brieweboek vind ons d.d. 1 Julie die volgende brief aan Wernher, 'n ander lid van die reuse-firma Wernher, Beit en Kie.:

> „Sir Henry Loch (met wie ek twee lang gesprekke alleen gehad het) het my enkele besonder positiewe vrae gestel, soos byvoorbeeld hoeveel gewere ons in Johannesburg het, of die bevolking hulle ses dae lank kon verdedig totdat hulp sou opdaag, ens., ens., en hy het uitdruklik gesê dat as daar 3000 gewere en ammunisie hier was, hy seker hierheen sou gekom het," en so voort in dieselfde trant.

Sir Henry Loch het die waarheid van hierdie bewering bevestig deur twee jaar later openlik in die Hoërhuis te spog oor sy planne tot die doen van 'n inval in die Suid-Afrikaanse Republiek.

En dit het alles geskied terwyl hy die gas van ons Regering was en besig was met vriendskaplike onderhandelinge insake die belange van Britse onderdane. Tot watter lae peil het die Britse politiek in Suid-Afrika toe nie reeds gedaal nie! Binne twee jaar egter sou daar nog 'n dieper afgrond oopgaan.

Die geheime komplot van die kapitaliste en jingo's om die Suid-Afrikaanse Republiek te oorrompel, het nou sterk begin aangroei, want juis in hierdie ernstige tydperk is die heer Chamberlain aangestel tot Minister van Kolonies. In die geheime korrespondensie van die samesweerders word gedurig na die Ministerie van Kolonies in Downingstraat verwys op 'n

wyse wat, as dit in verband gebring word met die latere onthullings en latere onderdrukking van die waarheid, by die publiek oor die hele wêreld heen die indruk gelaat het dat die Ministerie van Kolonies toegetree het tot, so nie medepligtig was nie aan die snode aanval op die Suid-Afrikaanse Republiek.

Dit is onnodig om die Jameson-inval in al sy besonderhede uiteen te sit. Die hele wêreld het nog nie vergeet hoe die Administrateur van 'n Britse gebied, ter uitvoering van 'n komplot aan die hoof waarvan die Eerste Minister van die Kaapkolonie gestaan het, met 'n gewapende mag die Suid-Afrikaanse Republiek binnegeval het ten einde die kapitaliste-opstand van Johannesburg te help om die Boere-regering omver te werp; hoe die inval en die opstand deur die waaksaamheid van die Boere verydel is; hoe Jameson en sy rowerbende aan Engeland oorhandig is om tereggestel te word, hoewel die Boere die mag en die reg gehad het om hulle as rowers dood te skiet; hoe die hele boel Johannesburgse kapitaliste skuldig geblyk het aan hoogverraad en oproer; hoe, in plaas van al hul eiendomme volgens wet te konfiskeer en sodoende vir ewig die kapitalis die nek in Suid-Afrika in te slaan, die Regering hul grasie verleen het ('n grootmoedigheid wat hulle beloon het deur drie jaar daarna 'n nog gevaarliker agitasie teen die Republiek op tou te sit); hoe op aandrang van die Afrikaner-party in die Kaapkolonie 'n ondersoek na die oorsaak van die botsing gehou is, hoe daardie ondersoek ontaard het in 'n laaghartige aanval op die Regering van die diep-beledigde Suid-Afrikaanse Republiek; en hoe eindelik, toe die waarheid op die punt gestaan het om geopenbaar en die komplot tot sy hoofbron in die Britse Kabinet nagespoor te word, die kommissie skielik besluit het om die kompromitterende stukke nie openbaar te maak nie.

Hier sien ons tot watter diepte die groot en ou tradisies van die Britse konstitusionalisme gesink het onder die steeds aangroeiende en alle ander dinge verswelgende geldgees en in die hande van 'n skerpsinnige groothandelaar wat, soos 'n Cleon van ouds, homself as 'n staatsman opgewerp het!

Verraad en geweld kon hul doel nie bereik nie en dus, soos die heer Rhodes openlik voor die gemelde kommissie van ondersoek gespog het, sou „konstitusionele middele" aangewend word om die kapitalistiese jingoïsme meester van die toestand in Suid-Afrika te maak.

# KAPITALISTIESE JINGOÏSME: TWEEDE PERIODE

Die voorgaande verhaal het aangetoon hoe diep ons volk die onreg gevoel en afgekeur het; dit was dus te verwag dat so 'n verraderlike aanval op die Republieke wat uitgegaan het van hul eie leidsman, die Koloniale Afrikaner tot in die mees afgeleë dele sou wakker skud en nuwe kragte op die politieke terrein sou bring. Om aan te toon hoedanig die gevoel was wat deur die inval opgewek is, gee ons hier weer 'n artikel wat verskyn het in die orgaan van die Koloniale Afrikaner-party *Ons Land* wat ongetwyfeld die gevoel van die Afrikaners vertolk het:

„Het die Voorsienigheid nie die smartlike omstandighede van Suid-Afrika sedert die aanvang van hierdie jaar tot 'n hoër doel oorheers en gereël nie? Wie kan dit betwyfel?

„Die dolksteek waarmee daar gepoog is om die Afrikanerdom vir goed in die Republieke te verlam, het 'n elektriese skok na die nasionale hart gestuur. Die Afrikanerdom het ontwaak met 'n erns en bewustheid wat ons nie sedert die roemryke Vryheidsoorlog van 1881 bespeur het nie. Van die Limpopo tot in Kaapstad het die tweede Majuba 'n nuwe inspirasie in ons volk, 'n nuwe beweging gewek. Deur die hele Suid-Afrika heen het 'n nuwe gevoel golwend gegaan. Die floue en lawwe imperialisme wat reeds begin het om ons volksbloed te verdun en te vermaer, wyk allengs vir die vars nuwe lug wat ons volk deurwaai. Baie mense wat moeg geword het van die langsame werking van die nasionale idee en hulle aan die imperialisme oorgegee het, het tot inkeer gekom en hulle afgevra wat die imperialisme in Suid-Afrika teweeggebring het. Verbittering en rassehaat voorwaar. Sedert die dae van sir Harry Smith en Theophilus Shepstone en Bartle Frere tot aan die dae van Leander Jameson en Cecil Rhodes gaan die imperialisme in Suid-Afrika gepaard met 'n politiek van bloed en bedrog. Wat ook die goeie vrugte van imperialisme elders mag gewees het, in ons land was die strekking daarvan deur al die jare heen alleen om ons volkslewe en volkskarakter in vreemde groewe te dwing, en die dwang met bloed en trane te beseël . . . . Waarlik die Afrikanerdom oor heel Suid-Afrika bevind hom tans op die kritieke oomblik van sy bestaan. Nou of nooit: Nou of nóóit moet die fondament van 'n alles-omvattende nasionalisme gelê word. Die yster is warm en die smedingsuur het aangebreek . . . .

„Die skeidsmuur het verdwyn. Laat ons nou pal bymekaar staan. Die gevaar het nog nie verdwyn nie; inteendeel, nooit het die Afrikanerdom 'n politiek van Koloniale en Republikeinse vereniging meer nodig gehad nie. En nou dat die sielkundige tydstip aangebreek het, nou dat ons volk oor die hele Suid-Afrika ontwaak het, nou dat 'n nuwe gloed in ons harte ontsteek is, laat ons nou die hoeksteen van 'n waarlik verenigde Suid-Afrika lê op die bodem van 'n suiwere en omvattende nasionale gevoel" . . . .

Hierdie taal het die jingo's laat sidder, nie omdat dit dislojaal was nie, want dit was dit natuurlik nie, maar omdat dit bewys het dat die Jameson-inval die Afrikaners wakker geskud het en dat deur hierdie nederlaag van die jingo's 'n besliste weg geopen was tot nog groter nederlae in die toekoms. Immers, 'n anneksasie-politiek teenoor die Republieke gevolg, sou in die vervolg ook met die Afrikaners in die Kolonie rekening moes hou. 'n Tyd lank het die jingo's die hoop gekoester dat hulle onder 'n gewysigde redistribusie-wet die meerderheid in die Kaapse Parlement sou verkry. Die algemene verkiesing van 1898 het aangebreek, met die gevolg dat die Afrikaner-party 'n klein meerderheid behaal het en later, onder 'n redistribusie-wet wat deur die jingo-party aan hul opgedring is, is die parlementêre meerderheid vergroot.

In plaas van ruiterlik te erken dat hierdie Afrikaner-oorwinning 'n natuurlike gevolg van die Jameson-inval was, het die jingo's, nie alleen in Suid-Afrika nie maar ook in Engeland, begin skreeu dat die gesag en prestige van Engeland in Suid-Afrika bedreig word; dat indien daar nie sonder versuim kragdadig ingegryp word nie, Suid-Afrika spoedig vir Engeland verlore sou wees, en dat hierdie bedreiging van die Engelse gesag voortspruit uit die republikeinse propaganda wat die Suid-Afrikaanse Republiek in Suid-Afrika op tou gesit het. So lank as die Suid-Afrikaanse Republiek sy hoof nie voor die Britse gesag wou buig nie, maar met nasionale trots sy jeugdige hoof omhoog hou, sou die ander dele van Suid-Afrika geneig wees om daardie voorbeeld te volg, en daar sou dus vir die Britse opperheerskappy in hierdie wêrelddeel geen sekerheid wees nie. Die Suid-Afrikaanse Republiek moes verneder en in die stof gebuig word; daarmee sou dan as vanself die Afrikaners in die ander dele van Suid-Afrika hul gewaande hoop op 'n groter republikeinse Suid-Afrika laat vaar. Maar hoe moes hierdie vernedering bewerkstellig word? En hoe sou dit kon geskied deur die „konstitusionele middele" wat deur die mislukking van die sameswering noodsaaklik geword het?

Die nuwe goewerneur van die Kaapkolonie en Hoë Kommissaris vir Suid-Afrika, wat so 'n roemryke akademiese loopbaan gehad het, wat nederigheid en gematigdheid aan die voete van die heer W. T. Stead geleer het en in Egipte ondervinding opgedoen het hoe om die nasate van Hugenote en Watergeuse te regeer, het wel goed genoeg geweet om „konstitusionele middele" te bedink ten einde die Suid-Afrikaanse Republiek te verneder en in die stof te buig.

Daar was immers die brandende susereiniteitsvraagstuk, waartoe die Suid-Afrikaanse Republiek self aanleiding gegee het en wel op die volgende wyse.

Na die Jameson-inval en met die doel om sommige oorsake daarvan uit die weg te ruim, het die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek sekere wette aangeneem, soos byvoorbeeld 'n wet waaronder gevaarlike persone deur die Regering oor die grense gesit kon word; 'n wet waaronder persone wat sonder lewensbestaan of -middele was, of aan besmetlike siektes ly, geweer kon word om die Republiek binne te kom. Die Britse Regering het verklaar dat hierdie wette in stryd is met artikel 14 van die Londense Konvensie. Ook sou verbrekings van artikel 14 van die Londense Konvensie plaasgevind het met betrekking tot die sluiting van sekere uitlewerings- en ander traktate tussen die Suid-Afrikaanse Republiek en buitelandse moondhede. Op 7 Mei 1897 het die Regering van die Suid-Afrikaanse Republiek op hierdie beskuldigings geantwoord in 'n uiters belangrike dépêche, waarin, nadat die redes uiteengesit is waarom die Regering hom verplig voel om van Haar Majesteit se Regering van sienswyse te verskil, 'n beroep gedoen is om arbitrasie as die geskikste middel om die geskil op te los. Die woorde van die Regering van die Suid-Afrikaanse Republiek was as volg:

> „Terwyl hy die sienswyse van Haar Majesteit se regering eerbiedig, het hy met volle vertroue in die juistheid van sy eie insigte, alle vrymoedigheid om die beginsel van arbitrasie, waarmee tans ook die Edelagbare Eerste Volksraad instem, aan Haar Majesteit se Regering voor te staan met die hoop dat dit aangeneem sal word in die versoenende gees waarin dit gedoen word. Hy meen alle rede tot hierdie voorstel te hê, te meer omdat die skeidsregterlike beginsels reeds in die Konvensie neergelê is in die enigste geval waarin volgens sy mening indertyd geskil voorsien kon word, te wete, met betrekking tot artikel 1, omdat dit reeds deur Haar Majesteit se Regering voorgestel is en deur hierdie Regering aangeneem is met betrekking tot die geskil ten opsigte van artikel 14 van die Konvensie wat ontstaan het insake die sogenaamde Koelievraagstuk, wat deur arbitrasie beslis is, omdat Sy Hoogedel Gestrenge die Staatsekretaris,

krag aangetoon dat die aanhef van die Konvensie van 1881 verval het, dat lord Derby in 1884 self 'n konsep-konvensie voorgestel het waarin die aanhef geskrap was en dat deur die daaropvolgende aanname van daardie voorstel, die susereiniteit vir goed opgehou het om te bestaan. Aangesien daar om sowel hierdie as ander redes geen susereine verhouding tussen die twee lande bestaan het nie, het die beswaar teen arbitrasie oor onderlinge geskille weggeval, en hy het dus sy versoek aan die Britse Regering om arbitrasie oor onderlinge geskille toe te staan, herhaal.

Maar dit was juis wat die heer Chamberlain nie wou doen nie. Hy was teen arbitrasie gekant omdat dit waarskynlik tot die nederlaag van die Britse Regering sou lei en nie tot dié van die Suid-Afrikaanse Republiek nie; terwyl, soos reeds verduidelik, die susereiniteitsvraagstuk juis deur hom te berde gebring was ten einde dit te gebruik as 'n „konstitusionele voorstel" om die Suid-Afrikaanse Republiek te verneder. In sy antwoord op die argumente van die Suid-Afrikaanse Republiek kon die heer Chamberlain dus alleen bly by sy bewering in verband met die susereiniteit, terwyl hy die argument omtrent die skrapping van die aanhef van die Pretoria-konvensie deur lord Derby selfs nie eens probeer weerlê het nie. Dit was klaarblyklik sy mening dat lord Derby deur sy domheid en onbesonnenheid in 1884 daardie susereiniteit prysgegee het, net soos lord Russell in 1852 die Suid-Afrikaanse Republiek prysgegee het, en met 'n vertoon van oormag en onwrikbare vasberadenheid moes hy nou, net soos Shepstone in 1877, die Suid-Afrikaanse Republiek probeer oorbluf ten einde nie hierdie uitstekende „konstitusionele middel" kwyt te raak nie.

Sy bewering in hierdie dépêche dat sowel die susereiniteit van Haar Majesteit as die reg tot selfbestuur van die Suid-Afrikaanse Republiek afhanklik was van die aanhef van die Pretoria-konvensie en dat, indien die aanhef verval het, dan nie alleen die susereiniteit nie, maar ook ons reg tot selfbestuur verdwyn het, was klaarblyklik ook bedoel om die Regering van die Suid-Afrikaanse Republiek te oorbluf; maar in ander opsigte was dit volkome juis. So het die Regering van die Suid-Afrikaanse Republiek dan ook geantwoord dat hy nie meer op selfbestuur kragtens die aanhef aanspraak maak nie, nóg kragtens die Konvensie van 1884 (want dit het geen woord omtrent selfbestuur bevat nie), maar eenvoudig kragtens sy reg as soewereine volkeregtelike staat. Met ander woorde, volgens sy opvatting was dit 'n noodwendige implikasie van die Konvensie van 1884 dat die Suid-Afrikaanse Republiek 'n soewereine staat was en uit dié bron van sy regte sou put; dat dit daarom in die Konvensie van 1884 onnodig geag was om iets oor sy regte te sê. In daardie antwoord, wat nie alleen juridies en histories

juis is nie, maar buitendien ook op eenvoudige gesonde verstand berus, het ons slim Hoë Kommissaris gemeen 'n uitdaging aan die Regering van Haar Majesteit te sien, hoewel selfs in daardie antwoord die Regering van die Suid-Afrikaanse Republiek hom aan die Konvensie van Londen onderwerp het, soos hy reeds honderde male gedoen het.

Dit is die hele geskiedenis van die susereiniteitsgeskil tussen die twee regerings. Die Suid-Afrikaanse Republiek het gevra om arbitrasie oor sekere geskille, en Engeland het by monde van die heer Chamberlain geweier, omdat van 'n susereine mag nie verwag kan word om by wyse van arbitrasie geskille met sy ondergeskikte te besleg nie, maar dat hy volgens die nuwe beginsels wat in Birmingham in sy volkereg ingeskroef is, regter in sy eie geskille met ander moet wees. Die houding deur die Suid-Afrikaanse Republiek in hierdie merkwaardige briefwisseling ingeneem, word gestaaf deur die handelwyse van lord Derby tydens die onderhandelinge omtrent die Konvensies, maar ook daarna toe hy 'n telegram omtrent die inhoud van hierdie Konvensie aan die Hoë Kommissaris gestuur het om aan die Regerings van altwee die Republieke oor te bring en wat as volg gelui het:

High Commissioner, Cape Town. — To British Resident, Pretoria.

„28. Please inform Transvaal Government, that I have received the following from the Secretary of State. Begins: 27 February. Convention signed to-day. New South Western boundary as proposed, following trade road British Protectorate country outside Transvaal established with delegates' consent. They promised to appoint Border Commissioner inside Transvaal co-operate with ours outside, Mackenzie — British Resident. Debt reduced to quarter million. — Same complete internal independence in Transvaal as in Orange Free State. Conduct and control diplomatic intercourse foreign Governments conceded. Queen's final approval treaties reserved. Delegates appear well satisfied and cordial feeling between two Governments. You may make the above known."

Verder word die bewering ook gestaaf deur die uitdruklike verklarings van lord Rosmead en die weleerwaarde heer D. P. Faure dat dit duidelik verstaan was by die aangaan van die Londense Konvensie dat die susereiniteit verval het; om selfs nie eens te praat van die getuienisse van die kant van die Transvaalse deputasie nie. Die susereiniteit het selfs dus nie die minste skyn van bestaan nie, en tog soos ek verder sal aantoon,

is die heer Chamberlain bereid om op hierdie punt 'n oorlog met die Suid-Afrikaanse Republiek te begin wat volgens sy beskeie sienswyse natuurlik alleen op anneksasie sal uitloop.

Terwyl die twee Regerings met hierdie vraagstuk besig was, was die kapitaliste natuurlik ook besig om hul vuurtjie aan die brand te hou. Rhodesië was nie alleen 'n onverwagte mislukking nie, maar was per slot van sake ryker aan Kafferoorloë as aan betaalbare goudmyne. Die kapitaliste-groepe wat die grootste belang in die Witwatersrand gehad het, was ook die meeste geïnteresseerd in Rhodesië en heel natuurlik het dit vir hulle gerade voorgekom dat hul Transvaalse myne ook die skulde van hul ondernemings in Rhodesië sou dra, 'n vereffening wat egter, veral met die oog op die aandeelhouers, alleen uitvoerbaar was deur 'n politieke samesmelting van die twee lande.

Om hierdie doel te bereik, moes 'n gedurige agitasie in Johannesburg aan die gang gehou word, sodat die veraf wonende Engelse aandeelhouers voorberei kon word vir die dag waarop die anneksasie van Transvaal langs konstitusionele weg sou plaasvind.

Die argument wat bestem was om maklik ingang te vind by hierdie Europese aandeelhouers was dat deur die administrasie van die Suid-Afrikaanse Republiek 'n toestand op die goudvelde ontstaan het wat erg nadelig was vir die finansiële belange van die mynbedryf; met ander woorde, uit hierdie oogpunt beskou, was die sogenaamde „uitlander-griewe" 'n onuitputlike ryk en betaalbare myn.

Hierdie agitasie het in die eerste plek regstreeks van die kapitaliste uitgegaan en het in die loop van 1897 so hewig geword dat die Regering besluit het om 'n kommissie van amptenare en mynmagnate te benoem ten einde 'n grondige ondersoek na die beweerde finansiële griewe in te stel. Wat die Regering betref, het die kommissie in hoofsaak bevind:

1. Dat die prys van dinamiet (85 sjielings per kis van 50 pond elk) te hoog was onder die bestaande konsessie en dat 'n prysvermindering wenslik was òf deur kansellasie van die konsessie, òf deur die regsgeldigheid van die konsessie in die hof te toets.

2. Dat die tariewe van die Nederlands Suid-Afrikaanse Spoorwegmaatskappy vir die vervoer van steenkool en ander artikels te hoog was, en dat dit ook wenslik was om die Maatskappy oor te neem.

3. Dat die invoerregte op lewensbehoeftes te hoog was en die bestaan vir die werkman van Johannesburg dus te duur was.

4. Dat strenge maatreëls getref moes word om gouddiefstalle teen te gaan en dat die wet op die algehele verbod van drankverkoop aan kleurling-arbeiders strenger gehandhaaf moes word.

en dat daar ook 'n strenger toepassing van die paswet (waaronder die verkeer van naturelle-arbeiders gereël word) noodsaaklik was.

5. Met die doel om die maatreëls in paragraaf 4 genoem, uit te voer, het die kommissie aan die hand gegee dat 'n adviserende raad aan die Witwatersrand aangestel moes word wat die Regering van raad sou kan dien met betrekking tot die toepassing van die gemelde maatreëls.

In hoever is aan hierdie aanbevelings uitvoering gegee?

1. Wat dinamiet betref, het dit geblyk dat daar geen kans bestaan het om die bestaande konsessie met welslae in 'n geregshof te beveg nie, en ook kon nòg die Regering nòg die Volksraad enige vrymoedigheid voel om 'n kontrak wat aangegaan was en waaronder enorme somme geld uitgegee was, sonder toestemming van die ander party te kanselleer. Die mynbedryf was natuurlik met hart en siel ten gunste van kansellasie, selfs sonder voldoende vergoeding; maar die publiek het toe nog nie geweet wat in die afgelope maande openbaar geword het nie, naamlik dat die De Beers-korporasie self die voorneme gehad het om dinamietfabrieke in Suid-Afrika op te rig en dat hierdie agitasie van die kapitaliste dus bedoel was om hulle ook nog van hierdie groot bron van inkomste meester te maak. Van die belange van die heer Chamberlain in die Engelse ammunisie- en dinamietfirma Kynoch is die publiek wel bewus, hoewel 'n mens aarsel om aan te neem dat die Minister van Kolonies in sy Transvaalse politiek gelei word deur oorwegings van private finansiële belang.

Die Regering en Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek het dus die verstandiger weg gekies om die prys van dinamiet sodanig te verminder dat dit tans omtrent gelyk staan aan die Europese markpryse, vermeerder deur 'n beskermings-invoerreg van 20s. per kis. Hier moet aangestip word dat die heer Chamberlain, wat geweet het hoe ongewild die dinamietkonsessie in die Suid-Afrikaanse Republiek is, nie geaarsel het om die Regering van die Republiek op dreigende toon en houding te laat weet dat die konsessie in stryd was met die Londense Konvensie.

Die antwoord van die Regering hierop was so verpletterend dat, in verband geneem met die feit wat later bekend geword het, naamlik dat sommige van die beroemdste Engelse en Europese juriste geadviseer het dat die konsessie geensins in stryd met die Konvensie is nie, die heer Chamberlain sedertdien nie weer op die onderwerp teruggekom het nie. Ek haal dit aan om aan te toon hoe elke kleinigheid aangewend word om gronde te vind om die Suid-Afrikaanse Republiek te verneder.

2. Wat die Nederlandse Suid-Afrikaanse Spoorwegmaatskappy betref, skyn dit of die kapitaliste sedert die tyd van die nywerheidskonsessie van mening verander het en nou dink dat die administrasie van die Maatskappy so goed is as wat redelik verwag kan word en dat naasting dus onnodig geword het. Miskien dink hulle ook, uit hul oogpunt beskou, dat dit beter sou wees dat hulle self die aandele van die Maatskappy opkoop en dat dus die mynnywerheid in plaas van die Regering hom meester sal maak ook van dié bron van inkomste.

Met betrekking tot die spoorwegtariewe kan gemeld word dat dit volgens die aanbeveling van die Nywerheidskommissie sodanig verminder is dat daar geen klagte meer gehoor word nie, en dus moet 'n mens daarvan aflei dat alle redes om te kla, verdwyn het.

Die vermindering van hierdie vragpryse saam met die afneem van invoerregte van byna alle ingevoerde benodigdhede vir lewensonderhoud, het 'n verandering van omtrent £700,000 in die staatsinkomste van die afgelope jaar teweeggebring, 'n enorme som in vergelyking met die totaal van die staatsinkomste van die Suid-Afrikaanse Republiek.

Dit dien as bewys hoe begerig die Regering van die Suid-Afrikaanse Republiek is om griewe uit die weg te ruim sodra dit duidelik bewys word dat hulle werklik bestaan.

3. Wat betref die toepassing van die Drankwet, die Paswet en die Wet op die Diefstal van Goud, het nòg die Regering nòg die Volksraad die vrymoedigheid gevoel om 'n adviserende raad op die Witwatersrand in die lewe te roep. Hulle het dieper tot die wortel van die kwaad deurgedring en die toepassing van die wette sodanig verander dat daar nou geen blyke van ontevredenheid meer gegee word nie. Inteendeel van gouddiefstalle word nooit meer gehoor nie, en die verteenwoordigende liggame van die mynbedryf het herhaalde male hul tevredenheid betuig in verband met die toepassing van die Paswet en veral van die Drankwet.

In hierdie Drankwet het ons 'n toets van 'n goeie administrasie. Die aard van die Drankwet bring mee dat hy een van die moeilikste wette is wat 'n regering ooit kan geroep word om uit te voer, en die mate van welslae deur die Regering en sy amptenare bereik, toon onweerlegbaar aan dat die beskuldiging van onbevoegdheid in die toepassing van die wet wat so dikwels teen die Regering van die Suid-Afrikaanse Republiek ingebring is, van alle waarheid ontbloot en alleen bedoel is om die Regering te belaster en te benadeel. So het nog op 17 Augustus j.l. 'n gekombineerde vergadering van die Kamer van Mynwese, die Kamer van Koophandel en die Vereniging van Mynbestuurders, die drie sterkste en mees

verteenwoordigende liggame op die Witwatersrandse goudvelde, die volgende twee besluite aangeneem wat vir hulself spreek:

„1. Hierdie gekombineerde vergadering, wat die Kamer van Mynwese, die Kamer van Koophandel en die Vereniging van Mynbestuurders verteenwoordig, wens weer sy besliste goedkeuring oor die teenswoordige Drankwet uit te spreek en is van mening dat drankverbod nie alleen vir die naturelle in hul eie belang heilsaam is nie, maar ook absoluut noodsaaklik is vir die mynbedryf met die oog op die behoud van hul dienskragte.

„2. Hierdie vergadering wens sy waardering uit te spreek oor die pogings aangewend deur die speurdepartement van hierdie Republiek sedert dit onder beheer van die Staatsprokureur geplaas is, om die onwettige drankhandel te onderdruk, en die vergadering is van mening dat die welslae waarmee die pogings tot dusver bekroon is, die bewering dat die Drankwet onuitvoerbaar is, ten volle weerlê."

(Die eerste voorstel is deur 'n oorgrote meerderheid en die tweede eenparig aangeneem.)

Vergelyk hierdie verklaring van die verteenwoordigers van die myn- en handelsbelange van die Witwatersrand met die bewering deur die heer Chamberlain in sy groot griewe-dépêche van 15 Mei j.l. herhaal: „Strenge toepassing van die Drankwet het nog nooit plaasgevind nie en die Wet word eenvoudig ontduik en drank in onbeperkte hoeveelhede aan die naturelle op die myne verstrek." Toe die heer Chamberlain hierdie woorde neergeskryf het, was hulle absoluut onwaar; maar byna al sy griewe is van dieselfde denkbeeldige gehalte.

Die uitkoms het dus ten volle bewys dat die Regering gelyk gehad het in sy sienswyse dat dit beter was om die toepassing van die wette waaroor gekla is, te verander, as om 'n beginsel in te voer waarvan die gevolge en uiteindelike uitwerking deur niemand voorspel kon word nie.

Die agitasie in verband met die verslag van die Nywerheidskommissie is gevolg deur 'n groot kalmte. Was dit nie dat die Swazieland-moeilikheid stof tot argwaan gegee het nie, sou 'n mens werklik kon gedink het dat daar geen wolk aan die horison was nie. Die twee Regerings was oënskynlik op heel goeie en vriendskaplike voet, en sommige van ons het reeds begin dink dat die tydperk van broederlike samewerking tussen die twee blanke rasse in Suid-Afrika eindelik aangebreek het en dat die vervloekte Inval en al sy gevolge van rassehaat en verdeling op 'n end was. Enkele omstandighede het egter aangedui dat die stilte geen rus was nie en dat die vyand inteendeel besig was met 'n laaste poging om sake op 'n krisis te laat uitloop.

Die South African League, 'n politieke organisasie gebore uit die rassehaat wat die Jameson-inval in die lewe geroep het en aan die hoof waarvan (om die kapitalistiese vraagstuk in die helderste lig te stel) die heer Rhodes self staan, het op ongehoorde wyse in die tweede helfte van verlede jaar teen die Regering begin agiteer. Die bestuurspersoneel vir Johannesburg was sodanig (die voorsitter was 'n prysvegter, die sekretaris 'n voormalige sosialistiese demagoog uit Londen, ens., ens.) dat daar eers geen ag op hierdie beweging geslaan is nie. Dit het egter spoedig duidelik geword dat die beweging nie alleen deur die kapitaliste gehelp en op die myne sterk ondersteun word nie, maar dat daar op geheimsinnige wyse 'n verband met Londen en Kaapstad aangeknoop was, wat die gebeurtenisse van die afgelope maande nog duideliker gemaak het. Vergaderings is belê, memories oor griewe aan Haar Majesteit opgestel en propaganda in die pers gemaak, wat alles duidelik aantoon dat daar 'n goed-georganiseerde veldtog teen die Republiek op tou gesit was.

Daar die Regering van die Suid-Afrikaanse Republiek in 'n amptelike dépêche die strekking van die agitasie en die verband van die Britse Regering daarmee uiteengesit het, wens ek sy gewigvolle woorde te herhaal:

„Maar hierdie Regering wens verder te gaan. Selfs met betrekking tot die uitlanders wat Britse onderdane is, is dit 'n klein minderheid wat onder die voorwendsel van denkbeeldige griewe sy geheime propaganda van rassehaat voortsit en hierdie Republiek as 'n basis gebruik om 'n rewolusionêre beweging teen hierdie Regering op tou te sit. Oor hierdie minderheid het ministers van Haar Majesteit so treffend die waarheid uitgespreek dat hierdie Regering, wat nie daarop uit is om ongegronde beskuldigings te maak nie maar alleen om die waarheid tot die kennis van Haar Majesteit se Regering en van die wêreld te bring, die woorde van dié ministers hier wens te herhaal, woorde van ministers van die Kaapkolonie, wat met plaaslike omstandighede bekend is en bevoegd is om te oordeel:

„,In the opinion of Ministers the persistent action both beyond and within this Colony, of the political body styling itself the South African League, in endeavouring to foment and excite, not to soothe and allay, ill-will between the principal European races inhabiting South Africa, is well illustrated by these resolutions, the exaggerated and aggravated terms of which disclose the spirit which informs and inspires them.

„ ‚His Excellency's Ministers are one in their earnest desire to do all in their power to aid and further a policy of peaceful progress throughout South Africa, and they cannot but regard it as an unwise propagandism, hostile to the true interests of the Empire, including this Colony as an integral part, that every possible occasion should be seized by the League and its promoters for an attempt to magnify into great events minor incidents when occurring in the South African Republic, with a prospect thereby of making racial antagonism more acute or of rendering less smooth the relations between Her Majesty's Government or the Government of this Colony and that Republic.'

„Rassehaat is egter nie so sterk in Suid-Afrika dat 'n liggaam wat met sy propaganda na 'n rewolusionêre einddoel streef, in hierdie wêrelddeel veel invloed sal kan verwerf nie; en 'n mens vra jou gedurig af waarom hierdie liggaam, op sigself en in sy beginsels, en wat sy lede betref, so niksbeduidend, hom tog oor so 'n mate van welslae kan verheug. Die antwoord is dat hierdie liggaam staatmaak op die beskerming en die ondersteuning van Haar Majesteit se Regering in Engeland en dat sowel die lede as die persorgane daarvan openlik spog oor die invloed wat dit oor die politiek van Haar Majesteit se Regering uitoefen. Hierdie Regering sou geen ag op dergelike bewerings slaan nie, maar wanneer hy sien dat die idee van hierdie liggaam aanhoudend weerklank vind in die toesprake van lede van Haar Majesteit se Regering, wanneer hy sien dat blouboeke saamgestel word wat grotendeels bestaan uit stukke deur lede van die South African League opgestel en uit die leuenagtige artikels en verslae van die persorgane van daardie liggaam, wat daardeur 'n amptelike karakter verkry, dan kan hierdie Regering dit wel verstaan waarom so baie van Haar Majesteit se reggesinde onderdane in hierdie wêrelddeel tot die verkeerde indruk geraak dat die politiek deur die South African League gevolg, deur Haar Majesteit se Regering goedgekeur word en dus bestem is om tot heil en seën van die Britse Ryk oor die algemeen te strek.

„As hierdie verkeerde indruk kan weggeruim en die feit bekend gemaak word dat die South African League, sover dit die Suid-Afrikaanse Republiek betref, 'n organisasie is wat hom ten doel stel om kwaad en oproer te stook en die onafhanklikheid van die land te ondermyn, dan sal hierdie liggaam al gou sy invloed verloor en die gespanne verhoudings wat tans tussen die twee regerings bestaan, sal gou verdwyn. Dan tog sal die Afrikaner-Republieke en die

Afrikanerbevolking van hierdie wêrelddeel nie meer vrees dat die belange van die Britse Ryk noodwendig die ondergang van die Republieke en die uitdelging of verslawing van die bevolking met hom meebring nie; dan sal ook altwee die dele van die blanke ras in Suid-Afrika terugkeer tot die broederlike samewerking en ineensmelting wat minstens begin het totdat die verraderlike sameswering aan die einde van 1895 die hartstogte aan altwee kante weer laat herleef het."

As 'n gevolg van die aanhoudende agitasie van die South African League het daar drie gebeurtenisse in Johannesburg plaasgevind wat deur die heer Chamberlain as die toppunt van die Uitlander-griewe beskou is. Om die wêreld 'n duidelike insig in die aard van die griewe in die algemeen te gee, wens ek sowel die Engelse as die Republikeinse amptelike verhale van die gebeurtenisse hier weer te gee. Die drie gebeurtenisse was: Die sogenaamde „Lombard-geval" met betrekking tot die beweerde mishandeling van gekleurde Britse onderdane in Johannesburg; die sogenaamde „Edgar-geval" in verband met die skiet van 'n Engelse onderdaan deur 'n polisiedienaar; en die sogenaamde „Amfiteater-geval" met betrekking tot 'n oproerige vergadering van die South African League.

Met betrekking tot die Lombard-geval sê die heer Chamberlain:

„As 'n voorbeeld van sodanige willekeurige handelwyse, kan die mishandeling van gekleurde Britse onderdane deur veldkornet Lombard wat onlangs plaasgevind het, aangehaal word. Hierdie amptenaar het sonder 'n lasbrief die huise van verskillende gekleurde persone in die nag binnegetree en hulle van hul bedde gesleep en gearresteer omdat hulle sonder pas was. Die persone wat op die wyse gevange geneem is, is met groot wreedheid behandel, en daar word selfs beweer dat 'n vrou ontydig van 'n kind beval is en dat die kind daarna gesterf het as gevolg van die skrik en blootstelling aan koue.

„Manne is geslaan en geskop op las van die veldkornet, wat blykbaar sy gesag met die laaghartigste woestheid uitgeoefen het. Die Regering van die Republiek, wat verplig was om handelend op te tree in die saak, het die veldkornet geskors en 'n ondersoek is gehou, waarin hy en die polisie die meeste van die bewerings van geweld ontken het; maar die ander feite is nie betwis nie en vir die verdediging is geen onafhanklike getuienis opgeroep nie. Die Regering het sedertdien die veldkornet weer in sy betrekking herstel. Ongelukkigerwys is hierdie geval in geen enkel opsig alleen-

staande nie. Ander Britse onderdane, met inbegrip van verskeie van St. Helena en Mauritius afkomstig, is op willekeurige wyse gearresteer en sommige van hulle is beboet, sonder dat hulle die geleentheid gekry het om hulself te verdedig, onder 'n wet wat selfs nie voorgee van toepassing te wees op persone van hierdie Kolonie nie. Hoe lydsaam die Regering van Haar Majesteit ook mag wees in sy begeerte om op vriendskaplike voet met die Suid-Afrikaanse Republiek te bly, moet dit tog duidelik wees dat 'n voortduring van sake van hierdie aard, wat nie deur herstel gevolg word nie, wel ondraaglik sou kan word."

Die antwoord van die Suid-Afrikaanse Republiek op die bogenoemde beskuldigings het as volg gelui:

„Met betrekking tot die Lombard-geval, wens hierdie Regering daarop te wys dat 'n volle maand nadat die beweerde mishandeling van Kaapse kleurlinge plaasgevind het, daar geen klag by enige owerheid in hierdie Republiek ingedien is nie en dat daar nòg aan die Regering, nòg aan die publiek iets omtrent die voorvalle bekend was. Die hele saak was so niksbeduidend dat sommige van die persone wat na beweer word, mishandel was, later voor 'n hof van ondersoek onder eed verklaar het dat hulle nooit uit eie beweging klagte sou ingedien het nie. Wat het egter gebeur? Omtrent 'n maand na die gebeurtenisse het die sogenaamde South African League daarvan te hore gekom; hulle het van hul amptenare gestuur om van die persone wat na bewering mishandel was, getuienis in te win, en met behulp van Haar Majesteit se vise-konsul in Johannesburg, tussen wie en die League daar steeds 'n opvallende samewerking bestaan het, is daar 'n aantal beëdigde verklarings afgelê. Selfs toe nog is daar by die wetlike owerheid van die land geen klagte teen die betrokke amptenare ingedien nie, maar die saak is in die hande gestel van die waarnemende Britse Agent in Pretoria. Toe die bewerings voor die aandag van die Regering gebring is, het hy sonder versuim 'n kommissie van ondersoek aangestel wat bestaan het uit drie here, naamlik landdros Van der Berg van Johannesburg, mnr. Andries Stockenstrom, advokaat van die ‚Middle Temple', en hoof van die straf-afdeling van die Departement van die Staatsprokureur, en mnr. Van der Merwe, Mynkommissaris van Johannesburg — manne teen wie se bekwaamheid en onpartydigheid daar nooit 'n sweem van agterdog by die Uitlanderbevolking van hierdie Republiek was nie en met wie se aanstelling ook die waarnemende Agent hom volkome

tevrede betuig het. Die opdrag aan hierdie amptenare was om die hele saak grondig te ondersoek en die Regering van advies te dien, en hulle het die opdrag nagekom deur dae lank getuienis van altwee kante aan te hoor en sorgvuldig na te gaan. Elke weldenkende persoon sal geredelik toegee dat aan die bevinding van hierdie kommissie oneindig meer gewig behoort geheg te word as aan die verklarings van die klaende partye, wat hulself in nagenoeg alle besonderhede teengespreek en die hele ondersoek byna in 'n komediespel laat verander het. Van die sogenaamde mishandeling het in hierdie verslag niks oorgebly nie; die besondere gevalle van beweerde mishandeling het geblyk denkbeeldig te wees; daar is duidelik bewys en bevind dat die klaers in stryd met die wet gehandel het; en alleen het die kommissie dit afgekeur dat die gevangenemings en ondersoek in die nag plaasgevind het en sonder lasbrief. Dit vervul hierdie Regering met die grootste leed om te sien dat die Regering van Haar Majesteit sy beskuldigings grond op die partydige, ongegronde en in baie opsigte valse verklarings van die deur politieke haat voortgesleepte klaers, en die verslag van die kommissie maar met stilswye verbygaan."

Die Edgar-geval het die heer Chamberlain op die volgende manier voorgestel:

„Maar miskien is die welbekende Edgar-saak die treffendste geval van die willekeurige handelwyse van amptenare en van die steun van sodanige handelwyse deur die geregshowe. Die uitwerking van die uitspraak van die jurie, hartlik gesteun deur die regter, is dat vier polisiebeamptes wat in die nag in 'n man se huis ingebreek het sonder lasbrief en op die blote verklaring van 'n persoon, wat later ook nog onwaar geblyk het, dat die man 'n misdaad begaan het, geregtig is om hom onmiddellik te dood, omdat hy volgens hul eie verklaring, een van hulle met 'n stok geslaan het. As dit regverdiging is, dan is byna elke soort weerstand teen die polisie regverdiging om die persoon wat weerstand bied en wat volkome onskuldig kan wees aan 'n misdaad, onmiddellik te dood. Dit sou oral 'n uiters onrusbarende stelling wees. En dit is des te meer onrusbarend wanneer dit toegepas word in 'n stad soos Johannesburg, waar 'n sterk polisiemag met rewolwers gewapen met 'n groot ongewapende bevolking van vreemdelinge, wie se taal hulle dikwels nie verstaan nie, moet werk. Die nadruklike aanneming van so 'n stelling deur die regter en jurie in die

Edgar-saak kan slegs die algemene gevoel van onveiligheid onder die Uitlanderbevolking en die gevoel van onregverdigheid waaronder hulle werk, laat toeneem. Daar sou op gewys kan word dat die bewering dat Edgar die polisie aangeval het, uitdruklik deur sy vrou èn andere ontken is en dat die vervolging plaasgevind het op 'n wyse wat in hierdie land as hoogs onreëlmatig beskou sou word, daar die getuies van die verdediging deur die vervolging opgeroep is en dus aan kruisvrae ontsnap het."

Die antwoord van die Regering van die Suid-Afrikaanse Republiek was as volg:

„Die Edgar-geval word van deur u Regering aangevoer as ,the most striking recent instance of arbitrary action by officials and of the support of such action by the courts.' Daardie geval word gebruik as 'n afdoende bewys van die beweerde geregtelike wanbestuur van die Republiek en dit sal dus van belang wees om 'n oomblik hierby stil te staan. Wat is die ware feite? Ene Foster ('n Engelsman) is sonder enige wettige aanleiding deur ene Edgar in die nag van 18 Desember 1898 aangerand en neergeslaan, sodat hy vir dood bly lê het en eindelik in die hospitaal oorlede is. Edgar het toe in sy kamer ingevlug en onder geskreeu van omstanders het enkele polisiedienare, onder ander polisiedienaar Jones, op die toneel afgekom, die aangerande vir dood sien lê en toe na Edgar se vertrek gegaan om hom as misdadiger (hy het hom inderdaad skuldig gemaak aan manslag en skynbaar aan moord) te arresteer. Daar hy op heterdaad betrap was, was die polisiedienare volgens wet, nie alleen van hierdie Republiek nie, maar van die hele Suid-Afrika en van die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Ierland, geregtig om in die huis in te breek, ten einde die misdadiger te kan gevange neem. Onderwyl hulle in die huis ingebreek het, is Jones deur Edgar 'n geweldige slag met 'n gevaarlike wapen toegebring, en in noodweer het Jones Edgar geskiet, met die gevolg dat hy gedood is. Die vraag is nie of Jones geregtig was tot hierdie uiterste stap nie; die staatsprokureur van hierdie Republiek het deur hom vir manslag te vervolg, reeds sy sienswyse uitgedruk dat sy saak 'n saak vir die jurie was. Die vraag is alleen of enige jurie, in enige land ter wêreld, in omstandighede soos hier uiteengesit, iemand skuldig sal vind aan misdaad, en of, as hulle hom nie skuldig bevind nie, dit dan as 'n flagrante en merkwaardige geval van wanbestuur in die regspleging kan gebrandmerk

word. Die Regering voel oortuig daarvan dat ook die Engelse regspleging vol is van gevalle waarvan die feite net so sterk is as in hierdie geval en hy kan nie insien waarom 'n voorval wat in elke land in die wêreld sou kan plaasvind, spesiaal as 'n beskuldiging opgewerp moet word nie.

„Hierdie Regering wil nie stil staan by die blaam wat deur Haar Majesteit se Regering op die openbare aanklaer van Johannesburg, deur wie die vervolging van hierdie saak behartig is, gewerp is nie. Die feit dat hy van suiwer Engelse bloed is, dat hy sy regsopleiding in Londen geniet het, dat hy algemeen deur die Uitlanderbevolking gerespekteer word weens sy bekwaamheid, onpartydigheid en karakter, sal natuurlik by Haar Majesteit se Regering nie opweeg teen sy onstrenge handelwyse om getuies wat vir die verdediging bestem was, vir die vervolging op te roep en die gevolglike verydeling van 'n denkbeeldige kruisverhoor nie. Hierdie Regering wens slegs daarop te wys dat die feit dat die Edgar-geval die sterkste is wat Haar Majesteit se Regering teen die regspleging in hierdie Republiek kon aanvoer, die sterkste en welsprekendste bewys moontlik is dat oor die algemeen geneem, die regspleging op die goudvelde van hierdie Republiek nie alleen gunstig afsteek by dié van ander dergelike goudvelde nie, maar selfs by dié van ou en gevestigde lande. Die onware voorstellings in die pers oor hierdie geval gedoen, toon genoegsaam aan dat die nuusblaaie van die Witwatersrand, wie se verdagmakery 'n deel van die georganiseerde veldtog teen hierdie Republiek en sy Regering uitmaak, genoodsaak word om hul leuenagtige kritiek uit te oefen op denkbeeldige gevalle van wanbeheer, wat dikwels geheel en al uit die lug gegryp is. Waar die pers tot sulke middels gedryf word, moet die ware griewe niksbeduidend wees."

Die beskuldiginge van die heer Chamberlain met betrekking tot die sogenaamde Amfiteater-geval:

„Daar word lig gewerp op die mate waarin die polisie vertrou kan word om hul pligte met billikheid en beskeidenheid uit te voer deur die gebeurtenisse aangehaal deur die ondertekenaars van die versoekskrif en wat plaasgevind het op 'n byeenkoms belê deur Britse onderdane met die doel om hul griewe te bespreek, en op 10 Januarie in die Amfiteater in Johannesburg gehou is.

„Die Regering is tevore verwittig van die doel van die byeenkoms en sy toestemming is verkry, hoewel dit nie

regtens noodsaaklik was vir 'n byeenkoms wat in 'n beslote plek gehou word nie. Die persone wat die byeenkoms gereël het, gee te kenne dat hulle deur die Staatsekretaris en die Staatsprokureur in kennis gestel is dat persone wat geweldadade pleeg of opruiende taal besig, verantwoordelik gehou sou word, en as bewys van die vreedsame doel van die byeenkoms, het persone wat daaraan deelgeneem het geheel en al ongewapend daarheen gegaan, waardeur verstaan word dat hulle selfs nie kieries by hulle gehad het nie. So min is enige onluste gevrees, dat selfs dames uitgenooi en teenwoordig was. Tog was die uitslag dat beëdigde verklarings van verskeie getuies van verskillende nasionaliteite ooreenstem dat die vergadering nouliks 'n aanvang geneem het of dit is opgebreek, en baie persone wat dit bygewoon het, is gewelddadig aangerand deur georganiseerde troepe van vyandige volksleiers, wat onder die aanhitsing en leiding van persone in diens van die Regering gestaan het, en daar is geen poging van die kant van die polisie aangewend om tussenbeide te tree nie; in sommige gevalle het die geweldpleging selfs met die bystand of die byvalsbetuiging van die polisie geskied. Aan die Regering van die S.A. Republiek is gevra om ondersoek in te stel na hierdie skandelike gedrag, maar die versoek is met 'n besliste weiering beantwoord."

Hierdie beskuldiging is in die volgende bewoording beantwoord:

„Die Amfiteater-geval word deur die Regering van Haar Majesteit gebruik om te bewys hoe onbekwaam die polisie op die Witwatersrand is om hul pligte te vervul en die orde te handhaaf. Die League-vergadering is in die sogenaamde Amfiteater in Johannesburg gehou, met voorkennis van die Staatsekretaris en die Staatsprokureur, en die beskuldiging is dat, in weerwil van daardie feit, die oproer wat by die vergadering ontstaan het, nie deur die polisie onderdruk is nie.

„Die ware feite is as volg: Die heer Wybergh en 'n ander persoon, altwee in diens van die South African League, het die Staatsekretaris en die Staatsprokureur meegedeel dat hulle van plan was om hierdie vergadering in die Amfiteater byeen te roep, en verlof gevra om dit te doen. Hulle is meegedeel dat geen verlof van die owerheid nodig was nie en dat solank die vergadering nie tot ongereeldhede en rusverstoring aanleiding gee nie, hulle volkome binne hul

regte sou handel. Hulle is toe op die feit gewys dat deur die handelwyse en propaganda van die South African League, daardie liggaam by 'n aansienlike deel van die bevolking van Johannesburg baie ongewild was en dat daar na alle waarskynlikheid rusverstoring sou plaasvind as daar nie 'n genoegsame aantal polisie-agente aanwesig was om die orde te handhaaf nie. Hierop het die here geantwoord dat na die Edgar-geval die polisie in slegte reuk was, dat die vergadering baie stil sou wees, dat die teenwoordigheid van die polisie sou bydra of aanleiding gee tot wanorde en dat hulle daarom liewer geen polisie daar wil hê nie. Die Staatsekretaris en die Staatsprokureur het daarop met die polisiehoofde van Johannesburg in verbinding getree, met die gevolg dat ook hulle van mening was dat dit beter sou wees as geen aanmerklike aantal polisie op die vergadering aanwesig sou wees nie. Die Regering het toe op hierdie advies van die beamptes van die League, sowel as van sy eie polisiebeamptes beveel dat die polisie hulle van hierdie vergadering *moet weghou*; hy het dit in goeie trou gedoen en met die doel om die League ongesteurd sy stem te laat hoor.

„Die voorgestelde vergadering is egter wyd en syd geadverteer en daar die gevoel onder 'n sekere deel van die Witwatersrand se bevolking teen die League so bitter was, het ook 'n aansienlike deel van die opponente van hierdie liggaam daarheen gegaan. Die weinige polisie wat teenwoordig was, was magteloos om die wanordelikhede teen te gaan en toe enige oomblikke na die begin van die oproer die polisie op die toneel verskyn, was die vergadering opgebreek.

„Op sigself geneem sou hierdie gebeurtenis nie van veel belang wees nie, want dit is 'n afgesonderde geval wat betref die goudvelde van hierdie Republiek, en selfs in die bes-georganiseerde en beheerde samelewings vind soms dergelike onreëlmatighede plaas. Die erns van die saak sit egter in die onregverdige beskuldiging van Haar Majesteit se Regering as sou die vergadering opgebreek gewees het deur amptenare van hierdie Regering en as sou hierdie Regering botweg geweier het om 'n ondersoek daaromtrent te laat instel.

„Hierdie Regering sou nie geweier het om ondersoek in te stel as daar klagtes by hom of by die plaaslike howe ingedien was nie, en in sy antwoord op Haar Majesteit se versoek om so 'n ondersoek het hy dit ook gesê, soos sal blyk uit die aanhangsel. Hierdie Regering maak beswaar teen die stelselmatige verbygaan van die plaaslike owerhede en

die gedurige klaery by die verteenwoordigers van Haar Majesteit oor dinge wat beslis by die howe van hierdie Republiek tuishoort. In plaas egter van by Haar Majesteit se Regering te kla wanneer alle ander redelike middels van verhaal tevergeefs aangewend is, maak hulle hul gedurig skuldig aan die verbygaan en minagting van die plaaslike howe en owerhede deur steeds alle beuselagtige en partydige klagtes in die eerste plek te berde te bring, en daardeur ook word Haar Majesteit se Regering gedurig in die dubbelsinnige en ongewenste posisie gebring van hom in die binnelandse aangeleenthede van die Republiek in te meng in stryd met die Konvensie van Londen. As daar klagtes by hierdie Regering of die bevoegde amptenare of howe ingedien gewees het dan kon die feite maklik nagegaan gewees het en dan sou ook bewys geword het dat die weinige amptenare wat as deel van die publiek by die vergadering teenwoordig was, hul bes gedoen het om die onreëlmatighede teë te gaan en dat sommige van hulle selfs in hul pogings om die vrede te handhaaf, beseer is.

„In plaas van sulke klagtes af te keur en die klaers na die plaaslike howe te verwys, neem Haar Majesteit se Regering die klagtes aan en verleen dan 'n amptelike karakter daaraan deur hulle ter kennisname van hierdie Regering deur te stuur en ter bestemder tyd ook in blouboeke ter kennisname van die wêreld te publiseer. Haar Majesteit se Regering sal geredelik erken dat geen staat in die wêreld, hoe swak en gering ook, wat enige eergevoel besit sulke dinge anders dan met lede oë kan aansien nie, en wanneer die verhouding van die twee regerings gespanne word, dan moet die ware oorsaak in hierdie handelwyse van Haar Majesteit se onderdane gesoek word, wat nie deur Haar Majesteit se Regering afgekeur word nie en nie in denkbeeldige of beuselagtige griewe is nie."

Ek het nou die vernaamste finansiële en administratiewe griewe van die Engelse uitlanders nagegaan; ek sê Engelse uitlanders omdat van die ander nasionaliteite onder die nuwe bevolking byna nooit òf regstreeks òf deur diplomatieke vertoë klagtes gehoor word nie. Kan dit met die minste skyn van reg en billikheid beweer word dat die griewe 'n oorsaak tot ingryp oplewer? Watter misdade is hier teen die mensheid of teen die volkereg gepleeg? Word die aangevoerde griewe en misbruike nie deur gebeurtenisse wat byna elke dag in die mees beskaafde lande ter wêreld plaasvind, geëwenaar nie? Met reg kan 'n mens op die onderhawige geval die woorde toepas waarmee die Russiese Regering die wederregtelike tussenkoms van die Britse

Regering in die binnelandse sake van die koninkryk van Napels gebrandmerk het:

„Ons kan verstaan dat as gevolg van vriendskaplike besorgdheid die een Regering in 'n welwillende gees aan 'n ander advies gee, dat sodanige advies selfs die karakter van 'n vermaning sou kan aanneem, maar ons glo dat dan die uiterste perke toegelaat is. Minder as ooit behoort dit nou in Europa vergeet te word dat . . . . dit nie die uitgestrektheid van grondgebied is nie, maar die heiligheid van 'n ieder se regte wat die verhoudings tussen state reël. Om 'n poging aan te wend om (van die Regering van die Suid-Afrikaanse Republiek) konsessies aangaande die binnelandse bestuur van die Republiek deur dreigemente of dreigende vertonings te verkry, is 'n gewelddadige usurpasie van sy gesag en 'n poging om in sy plek te regeer; dit is 'n openlike verklaring van die reg van die sterke oor die swakke."

Nieteenstaande al sy huigelagtige beskuldigings is dit die Britse Regering heel goed bekend dat die administrasie van die Suid-Afrikaanse Republiek nieteenstaande die byna ongeëwenaarde moeilikhede waarmee die Regering en wetgewing te kampe gehad het, op 'n gesonde grondslag rus, en gerus met dié van ander lande in dergelike omstandighede vergelyk kan word; dat die griewe waarmee by wyse van blouboeke die menslike gevoel van die Britse publiek gaande gemaak word, grotendeels denkbeeldig is en selfs as hulle volkome waar was, tog geen grond oplewer vir 'n regmatige inmenging in die binnelandse aangeleenthede van die Republiek nie. Dit het dus nodig geword om na 'n ander „konstitusionele middel" te gryp.

Die derde en laaste „konstitusionele middel" waarna die heer Chamberlain gegryp het as 'n voorwendsel om hom gewelddadig met die binnelandse sake van die Suid-Afrikaanse Republiek in te meng, was die aanspraak op gelyke politieke regte vir alle ingesetenes van die Suid-Afrikaanse Republiek. Ook in hierdie eis het hy die aspirasie van die heer Rhodes gevolg. Na die Jameson-inval naamlik het die heer Rhodes as 'n nuwe program vir die „progressiewe" politiek van Suid-Afrika hom bedien van die slagspreuk: „Gelyke regte vir alle blanke persone suid van die Sambesie." Later het die heer Rhodes, met die oog op die stem van die gekleurdes in die Kaapkolonie, die kreet verander tot: „Gelyke regte vir alle beskaafde persone suid van die Sambesie." En ter bestemder tyd het ook Downingstraat met die eggo gekom: „Gelyke politieke regte vir alle persone in die Suid-Afrikaanse Republiek."

As 'n politieke aspirasie mag dit in Suid-Afrika net so wenslik of onwenslik wees as in Engeland, waar die heer Chamberlain een van die woordvoerders van die party is wat steeds teen alle „manhood suffrage" gekant was.

Die heer Chamberlain beperk hom egter nie tot vriendskaplike raadgewing nie, maar *eis* die stemreg vir alle uitlanders. Die Suid-Afrikaanse Republiek het reeds 'n kieswet waaronder elke persoon wat reeds sewe jaar in hierdie Republiek is of nog sal wees, op volkome stemreg geregtig is. Maar die heer Chamberlain gaan baie verder en maak aanspraak op 'n veel uitgebreider stemreg. Op watter gronde maak hy die aanspraak?

Hy beroep hom op die besprekings wat die Konvensie van 1881 voorafgegaan het. In daardie besprekinge is egter alleen sprake van burgerregte of siviele regte, met betrekking waartoe daar steeds alle moontlike gelykheid bestaan sedert die Sandrivier-Konvensie. Die handhawing van die gelykheid van hierdie siviele as onderskeie van politieke regte, bepaal artikel XII van die Pretoria-Konvensie:

> „Al sodanige (aan H.M. lojale) persone sal volle vryheid besit om in die land te bly met genieting van alle *burgerlike* regte en beskerming vir hul persone en eiendomme."

In 1882 is die stemreg van 'n verblyf van een jaar tot vyf jaar verander sonder dat daar beswaar van die kant van Haar Majesteit se Regering ontvang is. En in 1884 is in die nuwe Konvensie van daardie jaar op die nadruklikste en ondubbelsinnigste wyse bepaal:

> „Art. XIV. Alle persone wat nie inboorlinge is nie en hulle skik na die wette van die Suid-Afrikaanse Republiek (a) sal volkome vryheid hê om met hul huisgesinne *te kom, te reis of te woon* in elke deel van die Suid-Afrikaanse Republiek; (b) hulle sal die reg hê om huise, fabrieke, magasyne, winkels en eiendomme te *huur of te besit;* (c) hulle mag hul *handel dryf* in persoon of deur sodanige agente as hulle mag goed vind om aan te stel; (d) hulle sal nie onderhewig wees wat hul persone of eiendomme betref aan *belastings* hetsy algemene of plaaslike behalwe dié wat aan die burgers van genoemde Republiek opgelê is of sal word nie."

Hier dus is spesifiek aan alle blanke uitlanders die reg van vrye beweging van roerende en onroerende goed te besit, van handel te dryf en van gelyke belasting met die burgers gewaarborg. Daar is geen sprake van politieke regte nie en daar was

ook nooit voor hierdie jaar 1899 sprake van gewees nie. Die Regering van die Suid-Afrikaanse Republiek sou dus geheel binne die perke van die Konvensie handel as hulle die heer Chamberlain sou meedeel dat hulle alleen oor die stemreg, as 'n suiwer binnelandse vraagstuk, te beslis het; en verder dat, deur onder die Konvensie aanspraak te maak op die reg om aan die Regering 'n kieswet op te dring, die heer Chamberlain die party is wat die Konvensie verbreek.

Die Regering van die Suid-Afrikaanse Republiek het egter 'n veel verhewener standpunt ingeneem. Die Staatspresident het na Bloemfontein gegaan om selfs binnelandse vraagstukke in 'n vriendskaplike gees met die Hoë Kommissaris te bespreek, o.a. ook die stemregkwessie, daar dit hom alleen te doen was om die vrede van Suid-Afrika en die welsyn van al sy inwoners te bestendig en te bevorder.

Die heer Milner het daar gesê dat „indien die vraagstuk op 'n bevredigende en standvastige grondslag gereël kon word, die spanning sou verminder en dat alles mettertyd sou regkom." Hy het in die laaste tyd sy bes gedoen om aan te toon dat hy dit nooit gesê of bedoel het nie; dat die stemregkwessie slegs *een* van die brandende binnelandse kwessies was waarin Haar Majesteit se Regering soveel belang stel, en dat die gunstige beslissing van die stemregkwessie geensins die partye op die ander geskilpunte tot ooreenstemming sou bring nie. Die houding van die heer Milner in verband met hierdie en ander geskilpunte, was egter sodanig gewees dat ek liewer niks verder oor sy gedrag wil sê nie, en hom oorlaat aan die oordeel van die openbare mening en van die geskiedenis.

Aangesien daar geen ooreenstemming tussen die partye moontlik was nie, het president Kruger Bloemfontein verlaat en die kieswet sodanig gewysig dat die Oranje-Vrystaat, die Afrikaners van die Kaapkolonie, en selfs die heer Schreiner, Eerste Minister van die Kaapkolonie, openlik hul instemming met die aangebragte verbeterings betuig het.

Die heer Chamberlain het nou egter nie meer op vriendskaplike nie, maar op dreigende toon aan die Regering van die Suid-Afrikaanse Republiek begin skryf, en hy het eindelik voorgestel dat die vraag of die nuwe wet aan sy doel beantwoord, deur 'n gesamentlike kommissie bespreek sou word.

Intussen het uit die informele gesprekke tussen die Staatsprokureur en die Suid-Afrikaanse Republiek en die Britse Agent die vooruitsig ontstaan op 'n spoedige en bevredigende oplossing. Daartoe deur die Britse Agent gepols, het die Britse Regering gesê dat indien die stemreg op vyf jaar gebring word sonder ingewikkelde voorwaardes en die goudvelde een-vierde van die lede van die Volksraad kon kies, hy bereid sou wees om die

daaraan gehegte voorwaardes dat die aanspraak op die susereiniteit sou verval, geen toekomstige inmenging meer sou plaasvind nie en geskille deur arbitrasie sou beslis word, op hul meriete te oorweeg. Toe hierdie voorstel egter formeel gedoen is, het die Britse Regering geweier om die voorwaarde met betrekking tot die verval van die aanspraak op susereiniteit aan te neem, hoewel die Hoë Kommissaris in 'n dépêche reeds verklaar het dat dit hom voorkom of die susereiniteitsvraagstuk 'n etimologiese en geen politieke vraagstuk is nie. Kort daarna het die Britse Regering feitlik dieselfde voorstel gedoen, maar met weglating van die voorwaarde omtrent die verval van aanspraak op die susereiniteit. Daar die Regering van die Suid-Afrikaanse Republiek hierdie verval van die grootste belang geag het vir die handhawing van sy volkeregtelike status, het hy geweier om die voorstel in daardie vorm aan te neem. Hy het nou egter die uitnodiging tot 'n gesamentlike ondersoek aangeneem; maar die Britse Regering het geantwoord dat dit te laat was en dat hy feitlik van sy uitnodiging afgestap het.

Hier dan sien ons in die helderste lig:

1. Dat hoewel die Hoë Kommissaris gesê het dat die susereiniteit al een van etimologiese belang was en hoewel die Britse Regering nooit die argumente van die Suid-Afrikaanse Republiek omtrent die verval van die susereiniteit in 1884 kon weerlê nie, die Britse Regering nogtans onwillig is om dit prys te gee en op dié grond bereid is om 'n oorlog in Suid-Afrika te begin.

2. Dat die Britse Regering die Suid-Afrikaanse Republiek tot 'n gesamentlike ondersoek uitnooi, en as die uitnodiging aanvaar word sonder dat dit weer teruggetrek is, dan word die aanvaarding met alle tekens van minagting van die hand gewys.

Is daar 'n ander voorbeeld in die geskiedenis van die beskaafde wêreld van dergelike lae bedrog en huigelagtige spel met die hoogste belange van Suid-Afrika?

En is dit te verwonder dat Suid-Afrika alle vertroue in Britse staatsmanskap verloor het?

Voorwaar, van al die skandelike handelinge waarmee die Britse naam in hierdie wêrelddeel besoedel is, ken ek geen laer en verfoeiliker as hierdie nie.

En die gevolg van hierdie bedrog sal met die bloed en die trane van duisende onskuldige persone beskryf word.

# SLOT

Ek het die feite nagegaan van ons honderdjarige verdrukking en vervolging. Die bewerings deur my gemaak, is nie uit die lug gegryp nie, maar is geneem uit die mond van die geloofwaardigste geskiedkundige getuies, byna almal van Britse nasionaliteit; dit is feite wat deur die regbank van die geskiedenis onuitwisbaar verklaar is. Wat betref die meer onlangse gebeurtenisse, sedert 1898, besit ek persoonlike kennis van al die onderhandelings en geskille wat hierin uiteengesit is, en ek kan alleen verklaar dat ek my by die feite bepaal het, wat later nog helderder in die lig gestel sal word wanneer die gordyn opsy geskuif en die voorvalle van die afgelope twee jaar in hierdie diepbewoë wêrelddeel geopenbaar sal word.

Op hierdie vreeslike keerpunt in die geskiedenis van Suid-Afrika, aan die vooraand van 'n stryd waarin ons volk met algehele uitdelging bedreig word, pas dit ons, met wat miskien ons laaste woord tot die wêreld sal wees, die waarheid te praat, sodat selfs as ons uitgedelg word, die waarheid deur ons sal seëvier oor ons oorwinnaars en as 'n kanker aan sy publieke lewe sal voortvreet totdat ook hy in die mag van die verganklikheid sal wegsink.

Tot hiertoe het ons volk geswyg; die vyand het ons volk bespoeg, beklad, geslaan, en met alle moontlike minagting en haatlikheid bejeën. Maar ons volk het met 'n waardigheid wat die wêreld herinner aan 'n nog smartvoller en grootser lydensgeskiedenis, in stilswye die hoon en die veragting van die teenparty verdra, en het onder die pligsbesef wat hom besiel, dit beter geag om die foute en misbruike uit die weg te ruim wat in oomblikke van mindere waaksaamheid in sy staatsbestuur ingesluip het. Selfs dit is hom as swakheid en bangheid toegereken. Op honderde platforms van Groot-Brittanje en van die mees gesaghebbende staatsliede is ons volk in die laaste tyd uitgemaak as onbevoeg, onbeskaaf, eerloos, troueloos, korrup, bloeddorstig, verraderlik, ens. ens., totdat nie alleen die Britse publiek nie, maar ook die hele wêreld begin glo het dat ons byna met wilde diere gelyk staan. Op hierdie hoon en uittarting het ons geswyg. Uit formele blouboeke van Haar Majesteit se Regering, uit dépêches van Haar Majesteit se Hoë Kommissaris in Suid-Afrika het ons moet verneem dat ons karakterlose staatsbestuur en ons onregverdige, gewetenlose en wanordelike administrasie 'n steeds swerende buil is, waardeur as deur 'n peswalm die sedelike en politieke atmosfeer van Suid-Afrika vervuil word. En ons het daarop geswyg. In tallose nuusblaaie is ons beskuldig van alle misdade teen die beskawing en die mensheid, is ons misdade ten laste gelê wat die hare te berge

laat rys wanneer dit verhaal word. Indien die lesende publiek slegs die honderdste deel van die enormiteite waarmee ons volk en sy Regering belas word, sou glo, dan moet hulle noodwendig tot die gevolgtrekking kom dat hierdie Republiek 'n rowersnes en moordenaarskuil is, 'n volk waarvan die eenvoudige bestaan 'n smet op die menslikheid en 'n oorlas op die mensdom is. Van die enorme somme wat na bewering deur ons uitgegee word uit die geheime fondse om ons die ondersteuning van die openbare mening van die wêreld te koop, is daar byna geen praktiese uitwerking of bewys gesien nie; maar die laster het tog as 'n oorweldigende orkaan voortgewoed. Maar ons volk het geswyg, deels uit domheid, deels uit 'n gevoel van hopelose hulpeloosheid, deels omdat hy as 'n eenvoudige landbouvolk geen nuusblaaie lees nie en dus nie bekend was met die wyse waarop die gevoel van die hele wêreld met boosaardige woede teen ons opgesweep is nie. Die praktiese uitwerking was dat ons saak by verstek voor die regbank van die openbare mening verlore gegaan het. Daarom is dit dat ek my tans gedwonge gevoel het om die feite wat die Britse verhouding teenoor ons volk gedurende die negentiende eeu gekenmerk het, uiteen te sit. Nabot se reg op sy wingerd moes vernietig word, en volgens die huigelagtige Britse diplomasie was die kortste weg tot daardie einddoel om te bewys dat hy 'n skurk is en Agab 'n engel. Ek het die feite van Agab se loopbaan nagegaan, en gaan nou voort met die gevolgtrekkings waartoe ek geraak het — gevolgtrekkings wat hulle onweerstaanbaar aan elke onpartydige en regverdige gemoed moet opdring.

In die loop van hierdie eeu is daar drie tydperke wat die verhouding van die Britse Regering teenoor ons volk kenmerk. Die eerste tydperk het in 1806 begin en voortgeduur tot in die tweede helfte van hierdie eeu. Gedurende hierdie tydperk is die Britse politiek teenoor ons volk gekenmerk deur 'n eenvoudige veragting. „The stupid and dirty Dutch" was die eenvoudige gedagte wat toe in die Britse gemoed teenoor ons volk geheers het. Maar die huigelagtige aard van die Britse politiek het geweet om die minagting uit te druk in ooreenstemming met die verhewendste idees wat toe in die beskaafde wêreld geheers het. 'n Sentimentele filantropie het toe oor die beskaafde wêreld geheers en is deur die Britse Regering diensbaar gemaak deur die Boere aan die wêreld voor te stel as die onderdrukkers van die arme vredeliewende en vir die godsdiens en beskawing vatbare naturelle, wat tog ook manne en broers was. As dit onverklaarbaar mag voorkom waarom die moondheid wat onder die Traktaat van Utrecht as die onbeskaamde kampvegter van die negerslawerny opgetree het, hom in Suid-Afrika gekenskets het deur 'n mislike liefde vir die naturel, dan is die uitleg dat dit in

die laaste geval nie soseer liefde vir die naturel as wel haat en minagting vir die Boer was wat sy politiek onderskei het nie. As gevolg van hierdie haat teenoor die Boer, versteek onder die dekmantel van liefde vir die naturel, is die naturelle as polisie teen ons gebruik, is hulle van vuurwapens en ammunisie teen ons voorsien; aangehits om ons te beveg en ons, waar moontlik, uit te moor of te beroof. As gevolg van daardie haat was ons volk verplig om die Kaapkolonie met al wat hom lief en dierbaar was, vaarwel te sê en 'n skuilplek in die onbekende woestyne van die noorde te gaan soek; en as gevolg van dié haat moes ons volk sy martelaarskruistog oor Suid-Afrika voortsit, totdat elke deel van Suid-Afrika rooi geverf sou wees met die bloed, nie soseer van weerbare manne nie, maar van vermoorde vroue en kinders.

*　　*　　*　　*

Die tweede tydperk het voortgeduur tot 1881. Gedurende hierdie tydperk was die grondslag van die Britse politiek teenoor ons nie soseer blote haat teenoor die Afrikaner nie; die uitkoms het reeds bewys dat die haat magteloos was om die Afrikaner onder die knie te hou; inteendeel het dit daar oneindig veel toe bygedra dat die Afrikaner hom as die heersende volk oor die hele Suid-Afrika versprei het. In 'n oomblik van moedeloosheid en onnadenkende belangeloosheid het Engeland met die Boere traktate (1852, 1854) gesluit waaronder hulle in ongestoorde besit van sekere woeste en skynbaar nuttelose dele van die land gestel was. Die grondslag van die politiek van die tweede tydperk was 'n gevoel van berou oor hierdie misstap en 'n vasberade besluit om die gevolge daarvan uit die weg te ruim. Die woeste en nuttelose dele wat aan die Boere toegeken was, het uiters kosbaar geblyk nadat die Boere dit vir die beskawing gered en oopgestel het; hierdie dele moes toe weer as pêrels in Haar Majesteit se kroon pryk, nieteenstaande die traktate wat met die Boere aangegaan was nie. Dit was die bedekte doel; wat die middele betref, het die ingebore huigelary dit meegebring dat dit gedeeltelik bedek en gedeeltelik openlik was en dat die een soort middele hemelsbreed van die ander verskil het. Die bedekte middel was om, in stryd met die plegtige traktate en beloftes, die Kafferstamme op ongehoorde wyse teen ons te bewapen en hulle aan te hits om ons aan te val. As dit sou slaag, dan kon Engeland tog sy ware doel en middele verberg en openlik voor die dag kom ter bewaring van vrede en orde, en ter handhawing van die beskawing in hierdie wêrelddeel, en dan kon onder die aanvoering van sodanige drogredes die Republieke geannekseer word. Wat die Oranje-Vrystaat betref, het hierdie politiek misluk, daar, in weerwil van die weder-

regtelike stopsetting van hul vuurwapens en ammunisie deur die Britse Regering, die dapper burgers van die aangrensende Republiek na veel moeite daarin geslaag het om Moshesh te verslaan. Engeland was verplig om hom in hierdie geval te beperk tot die beskerming van sy Basoeto-handlangers en die voorkoming van alle voordele wat die burgers uit hul oorwinning sou kon getrek het, en tot die openlik wederregtelike anneksasie van die diamantvelde.

Wat die Suid-Afrikaanse Republiek betref, was die burgers hiervan ongelukkig nie versigtig genoeg om teen die sluwe politiek van die vyand te waak nie. Die Transvaalse Boere het die magtigste Kafferstamme verslaan en het dus nie daarvan gedroom dat die klein Kafferoorloggies waarin hulle deur Engelse aanhitsing van die Kaffers gewikkel was, as dit nie dadelik met alle kragsinspanning beëindig was nie, as voorwendsel sou gebruik word om hul land vir die Britse Ryk te annekseer nie. So het die Magato-oorlog en die Sekoekoeni-oorlog voortgesleep tot eindelose bevrediging van sir Theo. Shepstone en sy lasgewers. En so het die anneksasie gekom met „die uitbreiding oor die Suid-Afrikaanse Republiek van Haar Majesteit se gesag en beskerming, deur watter middel alleen eenheid van doel en handelwyse verseker kon word en 'n skoon vooruitsig van vrede en voorspoed vir die toekoms kon bewerkstellig word." In hierdie woorde van Shepstone se anneksasie-proklamasie sien ons in al sy afskuwelike naaktheid die huigelary, wat in die geheim die Boere-Republiek 'n dodelike dolksteek toebring en hom dan in die openbaar voordoen as die belangelose en barmhartige Samaritaan!

* * * *

Die derde tydperk van ons geskiedenis word gekenmerk deur die samesmelting van die ou en welbekende politiek van bedrog met die nuwe kragte van die kapitalisme wat deur die minerale-rykdomme van die Suid-Afrikaanse Republiek in die lewe geroep is. Sowel ons volks- as ons staatsbestaan word tans bedreig deur 'n ongeëwenaarde komplikasie van magte en kragte. Teen ons is geskaar die getalsterkte, die openbare na bloed en wraak dorstende mening van die Britse Ryk, die kapitaal van die wêreld en al die kragte wat alleen die roofsug en plundergees byeen kan versamel. Gedurende die laaste jare het ons lot steeds hagliker geword. Die kordon van roofdiere en roofvoëls is in die afgelope tien jaar steeds nouer en nouer om ons arme gedoemde volkie getrek. Soos die gewonde bok die nadering van die leeu, die jakkals en die aasvoël ontwaar, so sien ons volk hom oor die hele Suid-Afrika omsingel deur die lis, die wraaksug, die haat en die begeerlikheid van sy vyande. Elke see van die wêreld geklief

deur die skepe wat uit alle hoeke van die aardbodem Britse troepe aanbring om hierdie volkie wat maar 'n handjievol tel, te verpletter. Selfs Xerxes wat met sy miljoene teen die klein Griekeland opgetrek het, lewer vir die verwonderde mensheid geen vreemder toneel nie as hierdie sagsinnige moeder van die volke wanneer sy in al haar krag, al haar rykdom en al haar verhewe tradisies met geslypte mes toeloop op hierdie kindjie wat in die stof kruip. Dit is geen oorlog nie maar 'n poging tot kindermoord.

En wanneer die gedagte van die toeskouer in verbystering wegsink, en sy brein weier om verder te dink, dan rys voor hom as in 'n droom in die verskiet die toneel van Bantoe-kinders wat speel in die tuine en op die bouvalle van die sonnige suide rondom duisende grafte waarin die kinders van die geloofs- en die vryheidshelde van die ou Europa slaap. En die roof- en moordbendes van die Bantoe swerf weer rond waar vroeër die woning van die blanke Europeaan gestaan het. En wanneer hy vra waarom dit alles geskied het; waarom die heldekinders van 'n helde-ras waaraan die beskawing sy onwaardeerbaarste skatte te danke het, in hierdie verre wêrelddeel vermoor is, dan antwoord 'n onsigbare spotgees: „Die beskawing is 'n mislukking, die Kaukasiër is uitgespeel." En dan ontwaak hy met die getuit van die woord: Goud! Goud! Goud! in sy ore.

Die orgideë van Birmingham is geel.

Die tradisies van die grootste ryk in die wêreld het verwelk en geel geword.

Die louere wat Brittanje se legioene in Suid-Afrika soek, is geel.

Maar die hemel wat sy banier oor Suid-Afrika span, bly steeds blou.

Die Geregtigheid waarop Piet Retief hom beroep het toe ons vaders die Kaapkolonie vaarwel gesê het, en waarop Joachim Prinsloo hom in die Volksraad van Natal beroep het toe Natal deur Engeland geannekseer is, die Geregtigheid waaraan die burgers van Transvaal hul saak op Paardekraal in 1880 toevertrou het, bly onveranderlik en soos 'n rots waarteen die golwe van die Britse diplomasie uiteenspat.

Volgens die ewige wette werk hy voort, onaangeroerd deur menslike hoogmoed en wispelturigheid. Soos die ou Griekse digter reeds gesê het, laat hy die tiran in sy aanmatigende verwaandheid steeds hoër en hoër klim en steeds groter eer en mag behaal, totdat hy die hom toegemete toppunt bereik en dan in die onpeilbare afgrond neerstort.

Afrikaners, ek vra u: Maak soos Leonidas en sy 300 man wat Xerxes en sy trawante op Thermopylae onversaagd tegemoet getree het, en steur u nie aan manne soos Milner, Rhodes,

Chamberlain en selfs nie aan die Britse Ryk nie, maar klem u vas aan die God van ons vadere en aan die Geregtigheid wat soms langsaam handel maar nooit sluimer of vergeet nie. Ons vadere het nie verbleek vir die Spaanse Inkwisisie nie maar die groot stryd vir Vryheid en Reg selfs met die magtige Filips aanvaar onverskillig vir alle gevolge. Selfs die pynbank en die moordbendes van Lodewyk XIV was nie by magte om die gees van ons vadere te tem of te breek nie; Alva nog Richelieu het daarin geslaag om die tirannie oor die gevoel van vryheid en onafhanklikheid van ons vadere te laat seëvier nie, en net so min sal dit 'n Chamberlain geluk om die heerssug van die kapitalisme oor ons te laat triomfeer.

As dit beskik is dat ons, hoe nietig ook, die eerste van alle volke moet wees wat die stryd met die nuwe wêreldtiran van die kapitalisme moet begin, dan is ons daartoe bereid, al word die tiran ook deur ál die mag van die Jingoïsme gesteun.

Mag die hoop wat in 1880 in ons gebrand en waarmee ons onsself toe tot die stryd aangegord het, ook tans onuitblusbaar in ons harte wees en ons 'n baken van lig wees op die pad wat gaan deur bloed en trane en wat na 'n waarlik Verenigde Suid-Afrika lei, en net soos in 1880 „lê ons ook tans met vertroue ons saak oop voor die hele wêreld. Of ons oorwin en of ons sterf: die Vryheid sal in Suid-Afrika rys soos die son uit die môrewolke, soos die Vryheid gerys het in die Verenigde State van Noord-Amerika. Dan sal dit wees van Sambesie tot aan Simonsbaai:

„Afrika vir die Afrikaner!"

# BYLAE A

Die Hooggeb. Heer Graaf Derby,
aan die Transvaalse Deputasie.

Downingstraat, 15 Februarie 1884.

Menere,

Ek het die eer die ontvangs te erken van u skrywe d.d. 13 deser waarin u u bereidwilligheid te kenne gee om die skikking aan te neem wat ek by ons jongste mondelinge onderhoud voorgestel het, waardeur die skuld van die Transvaal-Staat aan Haar Majesteit se Regering verminder sou word tot £127,000. Ek sal my haas om hierdie voorstel aan Haar Majesteit se Regering ter oorweging aan te beveel.

2. Ek het die voorstelle in die vierde en volgende paragrawe van u skrywe oorweeg en ek glo nie dat dit tans doenlik is om die skikkinge wat u voorgestel het, uit te voer ten einde die bedoelde kwessie te reël nie. Haar Majesteit se Regering is ewewel bereid om artikel 20 van die Konvensie van Pretoria in die nuwe Konvensie te behou in sodanige gewysigde bewoordinge as wat nodig mag blyk, en dit doen my genoeë om te verneem dat hierdie wyse van doen met u insigte strook.

3. Toe ek die genoeë gehad het om u op 8 deser hier te ontvang, het ons die ander gewigtige vraagstukke behandel wat u, tesame met dié van die grenslyn en van die skuld, in 'n voorgaande skrywe aan my oordeel onderwerp het, en ek het u in algemene trekke die aard en die omvang van die konsessies wat Haar Majesteit se Regering by magte sou wees om in dié opsig te doen, meegedeel. U was met hierdie opheldering vir sover dit aan u voorgelê was, tevrede; en na ons sover gevorder het, ag ek dat die geskikte tyd aangebreek het om u tans 'n ontwerp van die nuwe Konvensie wat Haar Majesteit se Regering ter vervanging van die Pretoria-Konvensie voorstel, ter oorweging toe te stuur. In hierdie ontwerp is die artikels van die Pretoria-Konvensie wat nie langer van krag sal wees nie langs die voorgestelde nuwe artikels gedruk, en waar 'n artikel behou of gewysig is, is die wysiginge sodanig aangebring dat die veranderinge wat gemaak moet word, duidelik in die oog val. U sal opmerk dat in die ontwerp en die kaart wat dit vergesel die slotsomme waartoe ons in die loop van ons onderhandelings gekom het, getrou gehandhaaf en in noukeurige bewoording uitgedruk is, en ek vertrou dat dit u geen moeite sal kos om

elke gemaakte bepaling te begryp en daarmee in te stem nie. As daar egter een of ander punt is waaromtrent u in twyfel verkeer, dan sal dit raadsaam wees dat u hier weer 'n samekoms met my hou om al sodanige verdere ophelderinge as wat wenslik mag wees te verkry.

4. Ek ag dit nie bepaald noodsaaklik om op elke artikel van die ontwerp in besonderhede te gaan nie. U sal sien dat sowel in die inleiding as in die hele Konvensie toegegee is aan die wens van u Regering dat die benaming „Suid-Afrikaanse Republiek" in plaas van „Transvaal-Staat" gestel is. In die eerste artikel word die uitbreiding van die ooreengekome westelike grens noukeurig omskryf. Deur die weglating van die artikels van die Konvensie van Pretoria, waardeur aan Haar Majesteit en aan die Britse Resident sekere besondere bevoegdhede en amptelike verrigtinge toegeken was in verband met die binnelandse bestuur en die buitelandse betrekkinge van die Transvaal-Staat, sal dit aan u Regering vrygelaat word om die land sonder tussenkoms te regeer, sy diplomatieke verkeer te reël en sy buitelandse politiek in te rig, wat alleen onderhewig sal wees aan die bepaling omskryf in artikel 4 van die nuwe ontwerp dat geen verdrag met 'n vreemde staat sonder die goedkeuring van die Koningin van krag sal wees nie.

5. Daar kom nog ander bepalings in die ontwerp voor wat nie die onderwerp van bespreking met u uitgemaak het nie; hulle is vir die merendeel 'n vernuwing van die verklaring ten behoewe van die Transvaal-Staat in die Konvensie van Pretoria opgeneem, en wat wenslik is (na ek vertrou sal u ook so daaroor dink) om te handhaaf as 'n versekering vir alle partye dat aan al die waarborge vir vryheid en gelyke behandeling wat u Staat hom steeds bereid verklaar het om te verleen, niks ontneem sal word nie. Ek wil egter graag meer bepaald verwys na artikel 19 van die ontwerp, waarin voorgestel word dat, met die oog op die staking van alle regstreekse tussenkoms van hierdie land in die regering en die toesig oor die inboorlinge binne Transvaal, plegtig verklaar is dat u Regering die waarborge wat met sy toestemming en goedkeuring deur Haar Majesteit se Kommissarisse aan hierdie inboorlinge gegee is, sal aanneem en uitvoer.

6. Ek vertrou dat ek gou van u sal verneem dat daar geen beswaar vir my bestaan om Haar Majesteit se Regering mee te deel dat die Ontwerp-Konvensie goedgekeur kan word nie.

Ek het, ens.

DERBY.

Aan die here Kruger, Du Toit en Smit.

# BYLAE B

In sy toespraak by die opening van die Kaapse Parlement op 18 April 1872 het sir Henry Barkly gesê:

„19. Die soewereiniteit van Haar Majesteit is daarom geproklameer en in werking gestel *met die volle toestemming van die delwers* en sedertdien is die bestuur, ten spyte van aansienlike moeilikhede, versigtig en flink toegepas."

Die *Diamond News* van 1 Mei 1872 sê na aanleiding van hierdie toespraak:

„Van die drie kort paragrawe wat ons regstreeks raak, is die eerste een van selfverheerliking: die delwers en ander, die inwoners van Grikwaland, het die Britse bestuur met hartlike vreugde aanvaar.

*„Sir Henry het niks van die buitensporige en daaglikse toenemende onvergenoegdheid met die Regering gesê nie,* maar miskien weet hy ook niks daarvan nie, daar dit vir die Kommissie 'n daad van selfmoord sou wees, waaraan hy hom na alle waarskynlikheid nie sal skuldig maak nie, om verslag te doen oor die *oorheersende gevoel.*"

Op 30 Mei 1872 sê die *Diamond Field*:

„Daar kan geen twyfel bestaan dat die bevolking van die diamantvelde ten seerste gekant is teen die anneksasie deur die Kaapkolonie nie. As daar so iets as 'n volkstemming kon gehou word, sou met nege teen een gestem word teen die oorneem van die beheer deur die Kaapse Regering . . . . Selfs die Vrystaatse Regering sou twee stemme teen een kry as die Kaapse Regering die enigste ander kandidaat was."

In Desember 1871, slegs ongeveer 'n maand na die verdrywing van die Vrystaatse owerheid en die invoering van die Junta van sir Henry Barkly, het die lynchwet uitgebreek, en oral het losbandigheid en algemene onveiligheid geheers. (Sien *Diamond News*, 17 Januarie, 20 Maart, 17 Julie 1872.)

In die *Diggers' Gazette* van 26 April 1872 lui dit:

„Niemand sou wens om 'n voortsetting van die bestaande toestand van sake te vra nie. Slegs geheel ongeskikte persone sou die bestendiging kan wens van so 'n mislukking as wat ons Kommissarisse van die Britse bestuur op hierdie diamantvelde gemaak het. Omtrent hierdie saak het ons ons reeds vroeër vryelik uitgespreek en ons plaaslike ampsbroeders het dit eweneens gedoen."

Die volgende aanmerkings word gemaak in die *Diamond News* van 16 Desember 1871:

„Onlangs het in die *Diamond News* 'n beskrywing verskyn van Dutoitspan by nag soos dit was onder die erkende heel onvoldoende Vrystaatse polisie en as 'n teenstelling soos dit nou is nadat die polisie teruggetrek is. Die vergelyking strek nie tot eer van die geeskrag of administratiewe bekwaamheid van ons teenswoordige bestuurders nie; en 'n vergelyking van die Vrystaatse bestuur met die Kaapse bestuur oor ander sake, sou nie vir laasgenoemde gunstiger wees nie .... **Die so hoog geprese Britse Regering wat alles sou regmaak en so baie vir die delwers sou doen, het die kampe teruggevoer tot hul oorspronklike toestand van selfbeskerming.**"

In die *Diamond News* van 10 Julie 1872 (agt maande na die invoering van die bestuur van sir H. Barkly) verskyn die volgende:

„Rowerye word so veelvuldig dat, as ons net die wat onder ons aandag gebring word, sou verhaal, ons meer plaasruimte nodig sou hê as waaroor ons beskik.

„Tal van kleiner diefstalle vind ook strafloos plaas. Dit is seker 'n mooi toestand van sake! En natuurlikerwys ontstaan die vraag hoe lank sal dit aanhou? Daar is blanke en gekleurde, ervare en gevaarlike diewe, *en tog is daar geen nagpolisie om hulle in hul onwettige praktyke teen te gaan nie.* Sal ons dan geen nagpolisie kry nie? Of moet die skurke wat ons kampe verpes, voortdurend die vryheid en ruimte hê wat hulle tans geniet?"

Op 26 Julie het die lynchwet en losbandighede opnuut op uitgebreide en verontrustende wyse ontstaan op „New Rush," wat die vernaamste delwery is.

Na aanleiding hiervan sê die *Diggers' Gazette* in sy uitgawe van 10 Julie 1872:

„Solank as wat regter lynch onbedwonge sy hof hou en sy strawwe oplê, solank kan die hele inrigting en masjinerie van die wettige gesag net so goed nie bestaan nie. Die gesag kan sy aanspraak op eerbiediging nie handhaaf nie, terwyl manne wat gebuk gaan onder die gevoel dat hulle benadeel is, die wet in hul eie hande neem as gevolg van die klaarblyklike onbekwaamheid van die owerheid om hulle te beskerm waar hul belange die meeste beskerming nodig het. Dag vir dag en nag vir nag word een of ander deel

van die kamp onthaal op die stigtelike skouspel van kleurlinge wat afgeransel word, van brandende tente, van blanke persone omring deur woedende bendes wat nouliks weerhou kan word van die uitoefening van hul wraaksug met 'n kort bieg en 'n dik tou. Ons wil geen verskoning aanvoer vir hierdie toedrag van sake nie, maar ons kan die oë nie sluit vir die ongeregtigheid wat dit byna 'n noodsaaklikheid gemaak het nie. Geen magistraat, hoe uitmuntend ook, is in staat om iets uit te rig by gebrek aan so 'n wet, stelsel en polisie as wat ons omstandighede vereis nie, en by gebreke waarvan daar vir ons geen ander vooruitsig is nie as daardie verskrikking wat ontstaan uit die blinde verset teen anargie."

Die *Diamond News* sê in sy uitgawe van 20 Julie 1872:

„Die baie nuus in ons kolomme en die verslae van byeenkomste wat plaasgevind het en van die tonele wat elke nag afgespeel word in monstervergaderinge in hierdie tyd van opgewondenheid, oproerigheid en verwarring, neem byna al ons vernaamste ruimte in beslag. Ons hoop van harte dat die vuur spoedig uitgedoof sal word, of anders is dit te vrees dat die einde van die begin uiters nadelig sal wees vir die veiligheid en die voorspoed van die onskuldiges."

Op 19 Julie 1872 is 'n groot byeenkoms van delwers gehou op New Rush, Markplaas, waarop o.a. die volgende besluit eenparig aangeneem is:

„Hierdie byeenkoms is van oordeel dat met die oog op die heersende rusverstorings in die kamp, die Kommissarisse dadelik in oorleg met die Delwerskomitee sodanige wysiginge in die bestaande ondoeltreffende wet behoort aan te bring dat diefstalle van diamante deur kleurlingbediendes en die aankoop daarvan deur beginsellose handelaars, sover as moontlik belet sal word, en die wet verder sodanig te wysig as wat die algemene belang vereis."

In die sitting van die Kaapse Parlement wat op 5 Junie 1872 aangevang het, het mnr. Merriman gesê:

„Die velde . . . . is geannekseer en daar is 'n vorm van beheer ingevoer wat nie potsierliker kon wees nie. 'n Soort onverantwoordelike Kommissie (,the roovers Junta') is aangestel, waarvan die lede nie ooreenstem nie en aan niemand verantwoordelik is nie. Ek kan my nie iets voorstel wat belagliker is of slegter werk nie. Die Oranje-

Vrystaat het die mense 'n soort verteenwoordiging gegee, maar die eerste daad van ons Regering was om al die Kommissies af te skaf en die gevolg was dat die mense belas was met 'n onverantwoordelike liggaam.

„Die Oranje-Vrystaat het 'n verantwoordelike amptenaar aangestel . . . . wat bekwaam was . . . . terwyl ons 'n hof ingestel het wat twintig myl van die meeste mense verwyder was, waardeur aan regsoekendes vernietigende uitgawes berokken was, asof dit die enigste doel van die Britse Regering was om hoë gedingkoste te veroorsaak."

Die heer Knight het gesê:

„Een van die vernaamste redes waarom ek teen anneksasie was, was omdat nege-tiendes van die bevolking op die velde hulle hande sou opsteek vir die verwydering van die bestaande bestuur, omdat hulle glo dat hulle 'n baie beter bestuur gehad het voordat hulle geannekseer was."

Die heer Buchanan het gekonstateer:

„dat hy self tydens 'n besoek aan die diamantvelde van kamp tot kamp en van die een sorteertafel na die ander geloop en met die delwers gepraat het ten einde homself te vergewis van hul gevoel oor verskeie sake, en die oortuiging waartoe hy gekom het, was dat daar 'n hoë mate van gevoel teen die Britse Regering was."

In 'n volgende debat in die Kaapse Parlement na aanleiding van die mosie van die heer Orpen het die heer J. H. Brown gesê:

„dat die delwers met die grootste afsku neersien op die bestuur wat nou daar bestaan en dat die bestuur net so veel gehaat is as wat hy verdien." (*Diggers' Gazette*, 12 Julie 1872.)

In die *Diamond News* van 8 Oktober 1872 lui dit:

„Koerant na koerant verskyn en diegene wat op grond aanspraak maak, kyk gretig om te sien ,wat van die grond geword het', en al inligting wat die koerant gee, is dat die weled. heer David Arnot op die helfte van die grond aanspraak maak en dat die weled. heer Francis Orpen, die landmeter, besluit het dat £30 betaal moet word voordat die saak van 'n aanspraakmaker in oorweging geneem kan word. Dit is Arnot en Orpen en grond en grond en Orpen en

Arnot week na week. Dit skyn of hulle vir mekaar gemaak is en verder vir niks en niemand nie. Die helfte van die nuusblad is vol lyste van aansprake* van die gesegde David en dit word elke dag duideliker en duideliker dat die Groot-opperhoof van Grikwaland Wes nie die heer Waterboer nie, maar David Arnot moes gewees het — want die bepalings van die aansprake en al die kopies, dit is alles vir die heer Arnot en vir niemand anders nie. Die indruk bestaan oral dat die Britse beskerming ingeroep is, nie vir die Britse belange nie, nòg vir die belange van die Britte wat op die velde werk, maar terwille van dié twee here, wat die teuels kragtiger hou as wat aan enige private indiwidu behoort toegelaat te word om in die bestuur van hierdie land te hê. . . . Wie het ooit van 'n regering gehoor wat hom verbind om die landmeterskap van 'n nuwe staat aan een persoon alleen te gee? Die heer Francis Orpen is ongetwyfeld in sy beroep 'n eersteklas man . . . maar dit gee nog geen enkele regering die reg om toe te stem dat hy en hy alleen die opmeting van die grondgebied geheel in sy hande sal hou nie. Iedereen weet waartoe dit moet lei."

---

*) Met „aansprake" word klaarblyklik „kleims" bedoel. — Vertaler.

**A CONVENTION concluded between Her Majesty the Queen, &c., &c., and the South African Republic.**

---

NOTE.—*The words and paragraphs bracketed or printed in italics are proposed to be inserted, those within a black line are proposed to be omitted.*

Her Majesty's Commissioners for the settlement of the Transvaal Territory, duly appointed as such by Commission passed under the Royal Sign Manual and Signet, bearing date the 5th of April 1881, do hereby undertake and guarantee, on behalf of Her Majesty, that from and after the 8th day of August 1881, complete self-government, subject to the suzerainty of Her Majesty, Her Heir and Successors, will be accorded to the inhabitants of the Transvaal Territory, upon the following terms and conditions, and subject to the following reservations and limitations:

Whereas the Government of the Transvaal State, through its Delegates, consisting of Stephanus Johannes Paulus Kruger, President of the said State; Stephanus Johannes Du Toit, Superintendent of Education; Nicholas Jacobus Smit, a member of the Volksraad, have represented to the Queen that the Convention signed at Pretoria on the 3rd day of August 1881, and ratified by the Volksraad of the said State on the 25th October 1881, contains certain provisions which are inconvenient, and imposes burdens and obligations from which the said State is desirous to be relieved; and that the south-western boundaries fixed by the said Convention should be amended, with a view to promote the peace and good order of the said State, and of the countries adjacent thereto; and whereas Her Majesty the Queen, &c., &c., has been pleased to take the said representations into consideration: Now, therefore, Her Majesty has been pleased to direct, and it is hereby declared, that the following articles of a new Convention, signed on behalf of Her Majesty by Her Majesty's High Commissioner in South Africa, the Right Honourable Sir Hercules George Robert Robinson, Knight Grand Cross of the Most Distinguished Order

of Saint Michael and Saint George, Governor of the Colony of the Cape of Good Hope, and on behalf of the Transvaal State (which shall hereinafter be called the South African Republic) by the above-named Delegates, Stephanus Johannes Paulus Kruger, Stephanus Johannes Du Toit, Nicholas Jacobus Smit, shall, when ratified by the Volksraad of the South African Republic, be substituted for the articles embodied in the Convention of 3rd August 1881; which latter, pending such ratification, shall continue in full force and effect.

Signed at ~~Pretoria~~ *London* this ~~3rd day of August 1881~~.

~~HERCULES ROBINSON~~,

~~President and~~ High Commissioner.

~~EVELYN WOOD, Major General,~~

~~Officer Administering the Government.~~

~~J. H. DE VILLIERS.~~

We, the undersigned, Stephanus Johannes Paulus Kruger, ~~Martinus Wessel Pretorius,~~ and ~~Petrus Jacobus Joubert,~~ as ~~represen~~tatives *delegates* of the ~~Transvaal Burghers,~~ *South African Republic*, do hereby agree to all the above conditions, reservations, and limitations, ~~under which self-government has been restored to the inhabitants of the Transvaal Territory, subject to the suzerainty of Her Majesty, Her Heirs and Successors, and we agree to accept the Government of the said Territory, with all rights and obligations thereto appertaining, on the 8th day of August 1881~~, and we ~~promise and~~ undertake that this Convention shall be ratified by a ~~newly elected~~ Volksraad of the ~~Transvaal State~~ *South African Republic* within ~~three~~ *six* months from this date.

Signed at ~~Pretoria~~ *London* this ~~3rd day of August 1881~~.

~~S. J. P. KRUGER~~,

~~M. W. PRETORIUS~~,

~~P. J. JOUBERT.~~